# *MEER AS SALOMO IS HIER*

Goeienaand, vriende. Dis ’n groot voorreg om weer terug te wees hier in die ouditorium, vanaand, of, die veldhuis. En ons is so bly om hierdie geleentheid te hê om weer met julle te praat, maar ek hoop nie so lank as wat ek gisteraand het nie.

My seun het met party van die predikers gepraat, en hulle het gesê: “Hoe lank praat Broer Branham omtrent?”

Hy het gesê: “O, nie te lank nie, voor hy praat oor die onderwerp van Abraham, kan hy net—net partymaal verdwaal.”

2 En gisteraand was ek vir omtrent twee uur en vyf-en-veertig minute hier gewees. Iemand het vir hom gesê vanmôre, gesê: “Wat sal Abraham wees? Dit moet iets wees!”

3 Julle is sulke gawe mense, en ek hou daarvan om met mense te praat wat op die Woord reageer, kosbare siele sien kom na die Here, dit maak dit baie mooi, dis een van die grootste vreugdes van my hart.

4 Ek onthou eenkeer toe ek ’n jong prediker was. Ek. . .Daar was nog ’n predikervriend van my, sy suster, ek het haar huis toe geneem na kerk een aand. Ons het met die pad opgegaan, en sy was soort van ’n formele Christen, nominaal, sou ek sê: en ek het geglo dat sy in Christus glo, ensovoorts, maar sy het nie so diep gegaan as wat ek dink ’n Christen behoort te gaan om Christelikheid te bely nie, en—en sy het gesê: “Wat van môre-aand, na die vertoning toe gaan?”

Ek het gesê: “Ek gaan nie na vertonings toe nie.”

En sy het gesê: “Wel,” gesê: “hulle het ’n skaatsbaan hieronder, wat van gaan skaats?”

Ek het gesê: “Ek gaan nie skaats nie.”

Sy het my gevra na drie of vier verskillende plekke, en ek het gesê: “Ek doen dit nie.”

Sy het gesê: “Wel, as ’n jong man hier, omtrent twee-en-twintig jaar oud, waar kry jy enige plesier?”

Ek het gesê: “In die huis van die Here.” Ek het gesê: “Daardie. . .”

5 En ’n paar aande daarna was ek in ’n kerk, en die jong dame het daaragter gesit, en—en so het ek daardie aand ’n altaar-oproep gemaak, en omtrent twintig mense het opgekom om die altaar, wat huil, jongmense. En ek het vir haar beduie, ek het gesê: “Ek kry meer vreugde daaruit, as wat die hele wêreld kon gee.” Dis so-iets wat jy weet jy—jy voel wanneer jy in die aand gaan lê dat jy iets gedoen, iemand probeer help het. Dis waarvoor ons hier is, om te probeer om die laste van die lewe net ’n bietjie

ligter vir julle te maak, julle sien, en—en om hulle te help wat nie vir Christus ken nie, om Hom te ken.

6 Gebid vir die siekes, ek het met die trappe opgekom, en ek het hulle hoor noem van Vrydagaand vir die noodgevalle. Wel, dis waar, wanneer ons afgaan en bid vir al die noodgevalle, hulle het daardie aand uitgesit, natuurlik, daarvoor.

7 Nou, Goddelike genesing berus nie op, onthou, die oplegging van hande nie, dis alles reg. Nou, dis die Amerikaanse mense, hulle moet hande op hulle gelê hê, of hulle glo dit net nie, dis al, jy moet hulle op 'n manier aanraak, en, of dit werk nie—dit werk nie.

8 En, maar nou, as julle my net 'n oomblik sal verdra, om nie anders te wees nie, maar dit is nie hoe God met Heidene werk nie, dit was 'n Joodse tradisie. Julle onthou, die Jood het vir Jesus gesê: "My dogter is baie erg-. . . , uh, baie siek, en sy is sterwend." Gesê: "Kom, lê U hand op haar, en sy sal regkom." Joods.

Maar toe die. . . na die Romein se huis toe gegaan het, die Heiden, het hy gesê: "Ek's nie eens waardig dat U onder my dak kom nie, spreek net die Woord." Sien?

En Jesus het omgedraai na die Jode, en gesê: "Ek het nog nie so 'n geloof soos daardie in Israel gesien nie." Sien?

9 Nou, wat het daardie Romein gesê? "Ek is 'n man onder gesag, en ek is 'n hoofman oor honderd." Dit het beteken hy het 'n honderd man gehad, 'n *honderd*, 'n honderd man onder hom. En hy het gesê: "Ek—ek—ek sê vir *hierdie* man: 'Gaan,' en hy gaan; *hierdie* man: 'Kom,' en hy kom." Want hoekom? Hy was oor hulle, hy was 'n baas oor hulle. En wat het hy gesê deur dit vir Jesus te vertel? Dat Hy Heerser was, alle siekte kon regeer, en enigiets wat Hy gesê het so moes wees. O, is dit nie 'n regte manier om dit te benader nie? "Sê U net my seun lewe, en hy lewe. Spreek net die Woord, dis al wat U hoef te doen."

10 Nou, Durban, Suid-Afrika, onlangs, ek weet nie of die kêrels al ooit daardie boek uitgegee het of nie, oor Afrika, geskryf deur Kaptein Julius Stadsklev, ons het ingekom, na Durban, Suid-Afrika, waar ons dienste in Johannesburg gehad het, en, o, goeiste, sulke dinge wat ure sou neem om te sê wat die Here gedoen het.

11 Maar toe ons Durban toe gegaan het, ek sal nooit vergeet nie, Sidney Smith, die burgemeester van Durban, het my kom haal, en hy het gesê: "O, Broer Branham," gesê: "hierdie is Afrika geskiedenis." Hy het gesê: "Jy. . . " Gesê: "Hulle het hier ingestroom vir omtrent vyf dae, en," gesê: "hulle is nog vier of vyf dae weg." Hulle geliefdes met tuisgemaakte waentjies gebring, manier waarop hulle mekaar kon dra. En wanneer die leeu kom, stoot hulle hulle teen 'n boom op totdat die leeu weggaan, gaan dan af, bring hulle verder, probeer hulle by die dienste kry. Want hulle het gehoor van wat die Here gedoen het oorkant in 'n ander

plek, Johannesburg, en—en dan by Chelan wees, en baie van die plekke.

12 En so, en ek sê julle, Christendom in Afrika word swakker, dit word beslis, omdat ons lees, skryf, en rekenkunde geleer het, in plaas van om te doen wat Jesus vir ons gesê het om te doen, Hy het gesê: "Gaan julle in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Nou, Hy het nooit gesê: "Gaan leer die Woord nie." Hy het gesê: "Verkondig die Evangelie." En die Evangelie is 'n demonstrasie van die herrese Christus, dis die Heilige Gees. Paulus het gesê: "Die Evangelie het nie net in Woord gekom nie, maar deur die krag, manifestasies, demonstrasies van die Heilige Gees." Dit sou moes wees om Markus 16 te vervul.

13 En ek het uitgegaan, ek en Mnr. Sidney Smith, die burgemeester van Durban, uitgegaan na die renbane waar. . . Dis die tweede grootste renbaan in die hele wêreld. En toe daar was hulle. . . Die hele plek was vol, die heelpad oor die spoor, en 'n plek is gebou aan die ander kant. Dit was net ons tweede dag daar, ons het een dag oor gehad. Dit was op 'n Sondagmiddag.

14 O, julle weet hoe mense 'n evangelistiese telling kan gee, party van hulle: "'n halfmiljoen," julle weet hoe hulle maak. En, so dis. . . Ek het baie minder gereken as wat hulle gesê het die mense was.

15 Maar vandag probeer mense sien hoeveel mense jy kan uitkry, dit het niks daarmee te doen nie. Dis of Christus daar is of nie, sien, dis die hoofsaak. En, dis, ek sal liewer net alleen wees en by Hom wees, as om by tienmiljoen te wees en dat Hy nie daar is nie. Ek. . . Dis net waar Hy ook al is, en dis die hoofsaak, dit is nie wie die grootste skare kan kry, en dit uitswaai in koerante en dit alles nie. Wel, die Katolieke kerk kan almal van ons klop daarmee. In Verenigde State, kan Mnr. President Kennedy hulle almal klop, veronderstel ek, hier in Verenigde State.

16 So dit is nie skares nie, God woon nie in skares nie, Hy woon in nederige harte, dis waar Hy is. "Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees." Dis waarna ons wil kyk, nie die groot, dinge nie, maar die—die werklikheid van 'n herrese Here Jesus.

17 Nou, toe in hierdie diens het ek soveel van hulle daar opgelet wat klein merkies om hulle keel gehad het. Hulle het nie enige klere gedra nie, meeste van hulle, hulle was primitiewe inboorlinge. En so, ek het gesê: "Waarvoor is die etikette om hulle keel?"

Hy het gesê: "O, dis gemerk, hulle is Christene."

Ek het gesê: "En afgode dra?"

"O, ja, hulle dra in elk geval afgode."

18 En nou, dis die krag van *sogenaamde* Christendom. En so ek. . . Wat doen hulle? Een of ander moeder stuur haar kind soontoe om 'n sendeling te wees, en dink hy sou 'n David Livingstone wees, en wat gebeur? Hy woon in die beste hotel, en 'n mooi motor om uit te ry na die kompleks, 'n klein dansie daarbuite hou wanneer hulle hulle uit die diamantmyne uitbring, en vir hulle 'n paar traktaatjies uitdeel. Wat weet hulle daarvan?

19 Maar David Livingstone se dae is nie nou nie, hulle gaan nie terug in die oerwoude nie. En dis die krag van sendelinge in die vreemde lande, wat hulle probeer opvoed, ABC's. En wat doen jy? Jy maak hulle 'n twee keer, groter kind, van die hel as wat hulle aan die begin was. Hulle kom in die stad in, vroue moet pistole in hulle hansakke dra, te keer dat hulle gemolesteer word. Wanneer hy buite in die stam is, in sy stamtoestand, is hy reg, enigste ding wat hy nodig het, is Christus, want hy het—hy het stamwette wat Christendom sal oortref op enige manier wat jy dit neem.

20 Byvoorbeeld, in een stam daar, as 'n jong vrou nie getroud is voor sy 'n sekere ouderdom is nie, moet sy—moet sy—moet sy stamverf afhaal, want sy is onteer. En voor sy getroud is, word sy getoets vir haar maagdelikheid, as sy skuldig bevind word, moet sy die man sê wat dit gedoen het, word hulle albei saam doodgemaak. Wat as dit in die Verenigde State gebeur het? Baie sterftes wees, sou dit nie, onder *sogenaamde* Christene? Sien, so hulle het nie sedes nodig nie, wat hulle nodig het, is om 'n Verlosser te ken.

21 So daar was hulle, wat daar ingestroom het. En daar's een kêrel daar, en, 'n kêreltjie, wat daar verby gegaan het met 'n afgod in sy hand. En ek het gesê. . . Hy het gesê: "Wil jy graag met hom praat?" Gesê: "Hy's—hy's 'n Shangaan." Hulle het die Xhosa, en die Shangaan, en die Basoeto, en die Zoeloe, en soveel verskillende van die stamme. En hy het gesê—hy het gesê: "Hy's 'n Shangaan, ek kan sy taal praat." Gesê: "Noem hom enigiets wat jy wil, ek sal vir jou tolk."

22 En die burgemeester het aangery gekom in sy motor. Ek het gesê: "Hallo, Thomas," ek het hom Thomas genoem omdat hy 'n Christen was wat 'n afgod dra. En ek het gesê: "Hallo, Thomas." Ek het gesê: "Is jy 'n Christen?"

"Ja." Hy het in Amoyah geglo. *Amoyah* is 'n woord, kom van "'n onsigbare krag" soos die wind, Amoyah. Hy het in Amoyah geglo.

Ek het gesê: "Waarom dra jy dan die afgod?"

23 Wel, hy het 'n goeie rede gehad, sy pa het dit gedra. Eendag het 'n leeu agter sy pappa aangekom, hy het die klein afgodsbeeldjie neergesit, het die vuur gemaak, en die gebed opgesê wat die toordokter vir hom gesê het, die leeu het bang geword, en weggehardloop.

24 Ek het gesê: "Ek is 'n leeujagter." *Leeu* is "lion," *jagter* is "hunter." Ek het gesê: "Ek jag leeus, en ek ken hulle geaardheid. Die gebed, of die afgod het nooit die leeu weggeskrik nie, die vuur het, die dier is bang vir die vuur." O, wel, hy sou dit in elk geval dra, as—as die Onsigbare Een gefaal het, sou hierdie een nie, so daar is die krag van Christendom.

25 Maar toe daardie dag, toe die diens begin het, het ek Billy afgestuur om gebedskaartjies uit te gee. O, genade! Jy kan net nie aan so-iets dink nie. Hy het skaars enige klere aan hom gehad toe hy uitgekom het.

26 Die mense, en hulle moes hulle hê, ek het 'n foto daarvan in kleure, waar hulle hulle afgesper het in stamme, duisende maal duisende. Ek het vyftien tolke gehad, wanneer ek sou sê: "Jesus Christus, die Seun van God," sou ek water gaan drink, en gaan sit, tot een . . . Ek het altyd die Pinkstermense in tale hoor praat, en ek het gedink: "Goeiste, dit kan nie reg wees nie." Maar na daardie dag het ek besef dit was reg. Daar's nie 'n klank wat gemaak kan word, wat nie betekenis het nie, julle weet, ek glo die Bybel het iets soos daardie gesê: "Daar's geen klank sonder 'n betekenis nie." Julle sien, die, dat daar 'n betekenis aan elke klank vir iets is. Basuin gee die onseker klank, julle sien dit.

27 So een van hulle sou gaan, ek sou sê: "Jesus Christus, die Seun van God," een van hulle sou gaan ". . .?. . ." [Broer Branham boots 'n Afrika-tolk na—Red.] Nog een gaan: ". . .?. . ." Dis: "Die Seun van God, Jesus Christus." En—en die ander sou allerhande snaakse singgeluide in hulle kele maak, soos voëls, maar dit het beteken "Jesus Christus, die Seun van God." Dit is getolk aan hulle stamme van tienduisend Mohammedane daar. En so, dan is hulle die soort wat veronderstel is om moeilik te wees, hulle kom van die ou Mede-en-Perse, wat nie verander, of afwyk nie.

28 En so het ek een sendeling ontmoet, hy het gesê: "Dink daaraan, Broer Branham, ek is al dertig jaar hier en ek het een kosbare juweel."

Ek het gesê: "Wat is dit?"

"Ek het 'n Mohammedaan vir die Christendom gewen." Nou, dis regtig iets vir 'n—vir 'n sendeling om 'n Mohammedaan vir Christendom te wen.

29 So daardie dag toe . . . Ek het gesê: "Wel nou, ons kan nie gebedskaartjies hê om die mense in 'n ry te laat staan nie, so ek gaan 'n sendeling van elke stam vra om ten minste een of twee uit elke stam te kry, en hulle hier na die platvorm toe te bring." Wel, hulle het 'n platvorm gebou gehad, iets hoër as *hierdie*, nogal heelwat hoër, die heelpad oor die renbaan, groot luidsprekers wat oral staan.

30 En ek het gesê, ek het vir hulle die storie van Jesus aangehaal, ek het gesê: "Nou, wat genesing betref, of verlossing, dit is iets

wat Hy alreeds vir jou gedoen het, dis joune, jy moet dit net aanvaar, Goddelike genesing op dieselfde manier. Maar 'n vraag wat in jou gedagte is," ek het gesê: "miskien, net soos dit is in die, meeste gemoedere van die Amerikaners, ensovoorts, oral is: Is Hy regtig lewendig, of het die—die Joodse tradisie dat 'Hulle Hom uit die graf gesteel, en Hom weggeneem het,' is—is dit dit?" Gesê: "Dis wat julle wonder."

31 Ek het gesê: "Nou, die ding is dat Hy sê Hy is, Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Dan as Hy is, sal Hy nie maak soos Hy gister gemaak het nie?" En hulle net die eenvoudige storie gegee. Het my omtrent 'n uur geneem om dit te doen, net te praat, om dit vir hulle oor te dra. Uiteindelik, het hulle saamgestem.

32 Wel, die sendelinge het die mense in 'n ry gehad. Daar was omtrent agt of tien mediese dokters, en daar was allerhande verskillende denominasies daar oral ingeprop.

33 En op die slagveld, vra ons nie: "Is jy Metodis? Is jy Baptis?" nie. Broer, dit probeer heidene daar kry, dis al. Selfs Katolieke priesters was daar aangetrek, nie as 'n Katolieke priester nie, maar met klere aan soos die inboorlinge. Sien, dan is jy op die slagveld.

34 Net soos ek gisteraand gesê het, as ons gaan veg, sê jy nie: "Is jy 'n Hoosier? Is jy 'n mieliekraker? Wie is jy?" nie. Dit maak geen verskil nie, ons is vir een ding, dis vir die volk. Dis hoe ons staan in Christendom. Dis hoe ons by die huis moet staan, soos daardie, ons sou 'n groter front hê om mee te veg, as ons dit net sou doen.

35 En so toe, toe die. . .Die eerste een wat opgekom het, was 'n Mohammedaanse vrou, en ek het gesê: "Praat jy Engels?"

"Nee."

36 So die Mohammedaanse tolk het gekom. En so, die vrou was 'n volbloed, met 'n kol tussen die oë, ensovoorts, met 'n rooi kol, wat beteken sy's waarlik Mohammedaan, en 'n ontkenning van Christus. So, ek het gesê: "Wel, waarom kom jy na my toe, as 'n Christen? Jy, as 'n Mohammedaan, waarom het jy nie na jou priester toe gegaan nie?"

37 O, hulle is, hulle glo in God, dis die kinders van Ismael. Elke oggend lui daardie groot gong daarbuite, en die priester kom uit en sê: "Daar is een ware en lewende God." Dis reg. "En Mohammedaan is Sy profeet."

Ons glo daar's een ware en lewende God, en Jesus is Sy Seun.

38 En hulle sê: "Ver sy dit van God om die Seun te hê, 'n Gees om 'n seun te hê." So hulle glo dit nie. So dan, natuurlik, moet hulle so wees, hulle is Ismael se kinders.

39 So toe—so toe toe die, hierdie vrou, ek gesê het: "Hoekom het jy nie na jou priester toe gegaan nie?"

Sy het gesê, terug deur die tolk, altyd, sy het gesê: "Ek—ek glo dat jy my kan help."

Ek het gesê: "Het jy al ooit die Nuwe Testament gelees?"

Sy het gesê: "Ek het."

40 En ek het gesê: "As jy dan die Nuwe Testament gelees het, as Jesus Christus daardie Profeet is van wie gepraat is wat sou kom, deur Moses, gepraat het van die Profeet wat sou kom, sou Hy 'n profeet wees?"

Sy het gesê: "Hy sou wees."

41 Ek het gesê: "Dan as Hy gesterf en weer opgestaan het . . . Jou god, jou profeet is dood en begrawe, en by sy graf vir tweeduisend jaar." Verander wagte elke vier uur, ek was daar, 'n wit perd, verwag dat hy sou kom, en die wêreld platry. Maar ek het gesê: "Hy's dood, Sy graf is daar en hy is daaronder begrawe, en hy's weg." En ek het gesê: "Maar ons Here, Messias, die Profeet van God," ek het gesê: "die Seun van God, toe Hy hier op aarde was, Hy, Toe Hy weg is, het Hy Sy Heilige Gees teruggestuur op die Kerk om dieselfde dinge te doen wat Hy gedoen het, en wys dat Hy steeds die Profeet onder hulle was." Ek het gesê: "Glo jy dit?"

Sy het gesê: "As dit so is, glo ek dit."

42 Ek het gesê: "Dan as 'n Mohammedaan aan 'n Christen, of, 'n Christen aan 'n Mohammedaan," het ek gesê: "julle, miskien, ek sê in hierdie gedeelte is almal Mohammedane, daar's ten minste tienduisend van julle wat hierbinne sit." Ek het gesê: "Hierdie vrou, ek kan nie haar taal praat nie. Maar, nou, as hierdie Jesus Messias is, en die Messias, soos ek vir julle aangehaal het uit die Bybel wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was om te bewys dat Hy Messias was, en hulle het dit nie herken nie, net hulle wat verordineer was tot die Lewe," het ek gesê: "dan as Hy sou lewe, en sou belowe dat die werke wat Hy gedoen het, ons ook sou doen, sou julle dit glo, julle Mohammedaanse mense?" En hulle het hulle hande opgesteek.

43 So ek het na haar toe gedraai en ek het gesê, gekyk en ek het die visioen gesien, ek het gesê: "Nou, jou man is 'n kort man, hy het 'n swart snor. En jou naam is . . . " Ek moes dit uitspel, ek kon dit nie uitspreek nie.

En sy het haar hand opgesteek: "Dis waar."

44 Ek het gesê: "Jy was nou die dag in 'n dokter se kantoor, die dokter was bles, en hy was nie 'n te ou man nie, hy het jou ondersoek, en hy het gesê jy het 'n vergroeisel gehad, of, 'n gewas op jou linkerbors. Jou man het in die saal vir jou gewag."

En die trane het teen haar wange afgeloop, sy het gesê: "Dis waar."

En ek het gesê: "Nou, wat . . . ? Aanvaar jy Jesus as jou Verlosser?"

Sy het gesê: "Ek verloën nou Mohammed, en aanvaar Jesus Christus as my Verlosser."

Ek het gesê: "Dan, in die Naam van Jesus Christus, verklaar ek jou as genees. Gaan, laat jou dokter jou ondersoek, en bring vir my sy getuienis."

45 Die volgende wat gekom het, was 'n vrou wat 'n wit vrou was, sy was Afrikaans. Nou, daar's 'n verskil tussen *Afrika*, dis die donker man, *Afrikaans* is die Boer, die wit man in Afrika. En ek het gesê: "Praat jy Engels?" Dis 'n tweetalige land.

En sy het gesê: "Ek praat."

En ek het gesê: "Glo jy dan dat God Sy Seun gestuur het om in jou plek te sterf?"

Sy het gesê: "Ek is 'n Christen, Mnr. Branham."

En ek het gesê: "Wel, glo jy dan dat ek Sy dienskneg is?" Jy moet die woorde dophou wat jy vir hulle sê. En ek het gesê: "Glo jy dit?"

Sy het gesê: "Ek glo die storie wat ek in jou boek gelees het, is waar. Ek glo dat jy God se dienskneg is."

46 Ek het gesê: "Dan, as ek God se dienskneg is, as ek jou kon genees, en dit nie sou doen nie, sou ek 'n—'n verskriklike persoon wees, as ek jou op enige manier kon help." En ek het gesê: "Die enigste manier wat ek jou kan help, is deur 'n Goddelike gawe. As Hy hier gestaan het, Self, kon Hy niks meer doen nie, want vir jou genesing, ensovoorts, het Hy dit alreeds gedoen." Sy het dit erken.

Ek het na haar gekyk, en ek het gesê: "Jy was ook by 'n dokter, en hy het gesê jy het 'n gewas op die ovarium gehad."

Sy het gesê: "Dit is waar." En ek het gekyk, en ek het 'n begrafnisstoet gesien, ek het gesê: "Berei jou voor vir die dood."

En sy het gesê: "Wat bedoel jy?"

47 Ek het gesê: "Jy gaan net 'n tydjie lewe." En binne tien minute, het die vrou by haar man gaan sit, en in 'n hartaanval geval, sy was dood. En, nou, as ek 'n geneser was, sou ek haar genees het.

48 En daardie selfde aand, het die burgemeester van die stad, 'n vriendin van hom, gesterf, 'n ou vrou, sestig jaar oud, en ek is gestuur na die plek waar sy was, en sy is opgewek uit die dood. Sien? Dis God, Hy doen net wat Hy wil.

49 Nou, onthou, julle wat hierdie Christen Sakemanne lees, toe hulle daarin gesit het "het die dooies opgewek," onthou: voor jy dit in die openbaar kan plaas, moet jy gedokumenteerde verklarings van dokters hê, ensovoorts, dat dit waar is. En alles wat julle daarin lees, ons het gedokumenteerde verklarings daarvan.

50 Daardie—daardie babatjie wat daar in Mexiko gesterf het, soos julle gelees het, daardie baba het daardie oggend om nege-uur gesterf, geteken deur ’n dokter, en dit was tienuur daardie aand toe die Katolieke vroutjie wat gestaan het in die, geskree het daaronder, en aangegaan het, waar dertig of veertigduisend mense. . . En ek het Broer Moore afgestuur om vir die baba te bid. En hulle, wel, dertig of veertig plekaanwysers kon haar nie uit die ry uithou nie, sy sou tussen hulle bene deurhardloop en alles probeer om daarbo te kom, en net so hard gereën as wat dit kon reën.

51 Ek het uitgekyk en ’n babatjie gesien staan, wat glimlaggend na my kyk, ek het gesê: “Bring dit hier.” Net niks meer as hande gelê op die klein, nat kombersie nie, en die kêreltjie het begin skop en skree. Sy het afgespring om ’n Ave Maria te sê, en ek het gesê: “Dis nie nodig nie, prys God,” en het aangegaan.

52 En so, toe het Broer Espinoza na die dokters gegaan, dit die volgende dag opgevolg. En ons het ’n getekende verklaring van die dokter dat die baba gesterf het aan dubbele longontsteking daardie oggend om nege-uur, en dit was omtrent tien-dertig die volgende aand, so, toe die baba lewendig geword het, ’n getekende dokument.

53 Daardie wat julle vind van Finland, ek het die burgemeester van die stad, met sy eie seël, dat hy daar gestaan het toe die seun dood gelê het, vergruis deur ’n outomobiel, en opgewek is uit die dood deur ’n visioen wat hier vertel is twee jaar voor dit gebeur het. Sien? So, hierdie is alles gedokumenteerde verklarings dat hulle waar is.

54 Nou, die einde van daardie herlewing daardie middag, of, die einde van daardie diens, was daar ’n klein, skeel-oog seuntjie wat volgende gekom het. En die arme kêreltjie, hy sou. . . Ek sou julle sê wat, die manier wat hulle eet, maar dit sou julle siek maak, wat hulle kry om te eet. As dit vol maaiers is, is dit net meer vleis, so hulle gee geen aandag daaraan nie, julle sien, hulle—hulle bou immuniteit daardeur op, so hulle—hulle eet. En so hy sou. . . daar was bloed oraloor sy magie.

55 En hy was ’n Zoeloe, die Zoeloe is ’n yslike groot, sterk man. Hy gooi sy assegaai, met sy hand, pen ’n leeu op die grond vas, die Shangaan, en baie van daardie is klein outjies wat die leeu reg in die spies laat inspring het, hulle het hierdie gesleep, wat ons ’n spies noem, noem hulle *assegaai*.

56 So, hierdie kêreltjie wat op die platvorm gekom het, ek het gesê: “Nou, die gehoor kan sien die seuntjie is—is skeel,” het ek gesê: “enigiemand weet dit.” Ek het gesê: “Nou, ek kon nie die kind genees nie, enigiemand weet.” Maar ek het gesê: “Nou, as die Heilige Gees kon openbaar wat dit veroorsaak het, of hoe dit gebeur het. . . ” Ek het na die seuntjie gekyk, en ek het gesê: “Ja, sy vader en moeder is nogal skaars vir Zoeloes, sy moeder is ’n

uiters maer vrou, en hulle is Christene. In die hut waarin hulle woon, soos jy ingaan, aan die regterkant van die deur, is daar 'n foto van Christus wat teen die muur hang. En die baba is skeel gebore." En omtrent 'n honderd treë van my af, het die moeder en vader opgestaan om te getuig deur die—die Zoeloe tolk, het dit op . . .

57 En terwyl ek teruggekyk het na die seuntjie, was sy oë net so reguit soos myne, ek het gesê: "Enigiemand sien dat die kêreltjie genees is, so gee hom net aan."

58 So begin, binne 'n paar minute het ek 'n gestry daaragter op die platvorm gehoor en omgekyk, dit was 'n Britse doktertjie, en hierdie dokter het daaroor gestry.

59 En so, Broer Ern Baxter . . . Ek weet baie van julle ken vir Broer Ern Baxter, en hoeveel het al ooit van F. F. Bosworth gehoor? Ek het gehoor dat hy gehad het . . . Ek het gehoor dit was een van die laaste manne wat 'n Goddelike veldtog van genesing gehou het hier in hierdie stad, of, om hierdie streek. Jy kon nie 'n beter een gehad het nie. F. F. Bosworth, toe ek . . . toe hy op sterwe was, het ek hom in my arms gegryp en uitgeroep: "My vader, my vader, die strydwaens van Israel en sy ruiters!" Hy was 'n man wat waardigheid en mag gebring het na die Pinksterkerk, F. F. Bosworth.

60 Wel, hy was op die platvorm. Hy het gekom, hy het gesê—hy het gesê: "Ek wil met hom praat."

61 En die man het gesê: "Nou, terwyl Broer Branham onder die salwing is, jy sal 'n rasse-opstand hier veroorsaak, of iets," want hulle het in elk geval die burgermag daarbuite gehad, wat dopgehou het, want hulle het stamoorloë.

En so het ek gesê, omgedraai, ek het gesê: "Wat's fout, Dokter?"

En hy het na my gekyk, hy het gesê: "Hoe het jy geweet ek is 'n dokter?"

Ek het gesê: "Waarom is jy so nuuskierig?"

Hy het gesê, toe het hulle hom laat opkom, en hy het gesê: "Mnr. Branham, wat het jy aan daardie seun gedoen?"

Ek het gesê: "Niks."

Hy het gesê: "Watter soort van 'n—van 'n toertjie probeer jy doen?"

Ek het gesê: "Wat bedoel jy?"

62 Hy het gesê: "Daardie seun, wat het jy aan hom gedoen? Het jy daardie seun gehipnotiseer?" Hy het gesê: "Ek het hom op die platvorm gesit, net *daar*, self, en hy was skeel, nou is hy nie skeel nie." Gesê: "Het jy hom gehipnotiseer?"

63 Ek het gesê: "En dan gee die Britse Mediese Vereniging jou 'n lisensie om medisyne te praktiseer, en weet niks meer van

hipnotisme as dit nie?" Ek het gesê: "As hipnotisme 'n kind se oë sal reguit maak, dink julle nie julle kêrels behoort 'n bietjie met hipnotisme te oefen nie?" Dis reg, ja.

En hy het gesê: "Ek is nuuskierig, Mnr. Branham." Hy het gesê: "Ek's 'n Christen, ek is grootgemaak in die Anglikaanse kerk." Hy het gesê . . .

64 Nou, die aronskelke daar, susters, julle behoort hulle te sien! Ons kleintjies omtrent soos *daardie*, party van hulle is agtien duim breed, wat wild groei in die woestyn . . . in die oerwoude, geel, en wit. Daar was yslike groot ruikers van hulle wat daar oral gestaan het.

65 Hy het gesê: "Nou, ek weet daar is 'n God, want daardie lelie kan nie sonder lewe lewe nie," hy het gesê: "daardie lewe is iewers verberg in die lelie." Hy het gesê: "Ek weet daar's 'n God, maar om tasbaar genoeg te wees om die oë van 'n skeel kind reguit te maak, ek kan dit nie verstaan nie."

Ek het gesê: "Meneer, ek het nooit aan die kind geraak nie. Dit was voor die gehoor hier, hulle het die kind skeel gesien."

"Tussen *hier*," het hy gesê: "iets het tussen *daar* en *hier* gebeur."

Ek het gesê: "Jesus Christus het hom genees."

En so, het Mnr. Bosworth hom aan die arm gekry, gesê: "Meneer, jy sal net moet teruggaan."

66 En hy het gesê: "Wag net 'n oomblik." Daar was 'n groot webmikrofoon *hier*, want dit het so ver uitgegaan, vir verskeie stadsblokke waar hulle gelê het, ensovoorts. Hy het gesê: "Net 'n oomblik." Hy het gesê: "Mnr. Branham, sê jy vir my dat Jesus Christus so tasbaar is dat Hy skeel-oë kan reguit maak?"

Ek het gesê: "Dit is reg, deur geloof, as jy dit glo."

Hy het gesê: "Dan aanvaar ek Hom as my persoonlike Verlosser."

67 En toe ek vertrek het, by Johannesburg omtrent ses . . . omtrent—omtrent tien dae later, was daar omtrent twintig of dertigduisend mense daarbuite wat totsiens gesê het, en hy het oor die heining verby die wagte gespring, en uitgehardloop, en my om die nek gegryp, en 'n sendeling geword, en toe hy sy arms om my nek gegooi het, het hy in tale begin praat, daarbuite op die plat- . . . daarbuite op die vliegtuig. Nou, is hy, maar hy's 'n mediese dokter vir die sendingdokter agter in die groot lande van Afrika, vanaand.

68 Die volgende wat opgekom het op die platvorm . . . As julle my sal verskoon dat ek net soveel tyd neem vir 'n getuienis. Hulle . . . Die volgende man wat gekom het, hulle het hom gelei soos 'n hond, hy het 'n ketting om sy nek gehad. En ek kon nie verduidelik wat dit—wat dit was nie, as gevolg van 'n gemengde

gehoor. Maar die man het nog nooit in sy lewe ’n bad gehad nie, hy was waarskynlik in sy twintigs, op sy hande en voete geloop met ’n ketting aan sy nek, hy was nie eers verstandelik reg nie.

69 En so het hulle hom gebring. En ek het gesê: “Daardie arme sterfling! As enigiemand daardie man kon help en dit nie wou doen nie, is dit nie eens waardig om self te lewe nie.” Ek het gesê: “Ek kon hom nie meer help nie, as . . . As die Heilige Gees my sou vertel wat met hom gebeur het,” ek het gesê: “Ek—ek kon dit doen deur ’n Goddelike gawe. Maar as hy sal glo,” het ek gesê: “dan sal ek vir hom bid.”

70 En so, het ek na hom begin kyk, ek het gesê: “Hy is so gebore.” En dit was toevallig dat sy ouers nie baie ver gesit het nie. En ek het gesê: “Maar nou, noudat ek sy aandag gekry het, dink hy aan sy broer. Sy broer het gery,” ek het gesê: “óf op ’n geel bok, óf ’n geel hond, en dit . . . hy het sy knie seergemaak, en hy loop op twee krukke.” Ek het gesê: “Hy’s baie jonger en maerder as hierdie man.” Maar ek het gesê: “Waar ook al sy broer is, SO SPREEK DIE HERE, hy’s genees.” Ek het gesê: “Hy hoef nie meer op sy kieries te loop nie.”

71 En omtrent ’n stadsblok ver het ek ’n kreet gehoor, en hier kom hy, wat net so hard spring as wat hy kon, met die kieries in sy hande. En Hy het . . . Hy is genees. Wel, toe het dit ons omtrent twintig minute geneem om hulle stil te kry.

72 Gedurende daardie tyd, het ek gekyk, en ek het ’n visioen bo hom gesien, die man het normaal opgestaan, ek het gedink: “O, goeiste! Hier’s die tyd om my gehoor nou te kry.” En ek het gesê: “As God hierdie arme, kreupel sterfling gesond sal maak, hoeveel van julle mense sal Jesus as julle Verlosser aanvaar?” En sover jy kon sien, die swart hande op soos *daardie*.

73 Ek het geweet dit gaan gebeur, want ek het klaar die visioen gesien, julle sien. Wanneer jy dit sien, dan is dit alles verby, daar is nie genoeg, daar is nie genoeg duiwels uit die hel wat dit dan kan stop nie, want dit is alreeds, dis ’n voltooide werk, enigste ding, wat net wag om te gebeur. Dis presies wat ons Here gesê het. Dis wat enigiemand van die Bybel . . . Jesus het gesê: “Ek doen niks, totdat Ek die Vader dit eers sien doen het nie.” Sien? So dis presies.

So ek het na die man gekyk, ek het geweet hy gaan gesond word, so ek het gesê: “Aan julle Mohammedane daarbuite.” Hulle hande het opgegaan.

74 Nou, het ek gesê: “Staan op jou voete, Jesus Christus maak jou gesond.” En hy het probeer . . . Julle weet hulle doen baie toertjies vir die toeriste. Hulle—hulle het probeer . . . Gedink hy het ’n stamdans gedoen, hy het sy hande gevat soos *hierdie*, arme man nie eens by sy verstand nie. En ek het gesê: “Ek het nie dit bedoel nie, nie dit bedoel nie.”

En die tolk het hom probeer vertel. Ek het gesê: “Staan op.”

En hy het gegaan: "Ah blrr la blrr blrr," asof hy gedans het, julle weet, probeer doen, op sy hande en voete, geen klere aan nie, net 'n lap.

75 En ek het die ketting beetgekry, ek het gesê: "Staan op, Jesus Christus maak jou gesond." En toe hy gekry het wat . . . het hy op sy voete gestaan vir die eerste keer in die lewe. Daar, die trane wat afgeloop het op sy swart maag, gespat het soos *daardie*.

76 En ek het dertigduisend kombers-inboorlinge na Jesus Christus sien kom in een altaar-oproep. Ek het gesê: "Hoeveel van julle sal Christus as persoonlike Verlosser ontvang?" En dertigduisend het op hulle voete gestaan. En ek het gesê . . .

77 Broer Baxter het gesê: "Broer Branham, ek dink hulle het fisiese genesing bedoel." Ek het gesê: "Ek—ek," dit weer deur die tolke laat gaan, ek het gesê: "Ek het nie fisiese genesing bedoel nie, ek het bedoel dat jy het . . . jy Christus aanvaar as jou Verlosser, God se Seun, en as jy opreg is, breek jou afgode op die grond." En dit het gelyk soos 'n stofstorm, asof 'n atoombom getref het, en 'n stofwolk soos 'n sampioen wat opstyg soos *daardie*.

78 En die volgende oggend, het Sidney Smith my gebel, hy het gesê: "Broer Branham," Maandagoggend, hy het gesê: "jy het nog nooit iets soos dit gesien nie!" Gesê: "Wees . . . Gaan na die venster van jou hotel wat na die see toe kyk, en kyk wat daar in die straat afkom."

79 En ek het gekyk, daar in die straat het afgekom, en daar was sewe vragmotorvragte . . . Nou, julle wat vir F. F. Bosworth geken het, weet hy gee nie evangelistiese getalle nie. Ek het 'n gemeentegebed gebid, daar was vier mense op die platvorm, ek het 'n gemeentegebed gebid, en F. F. Bosworth het geskat dat vyf-en-twintigduisend wonderwerke op een slag gedoen is. Wel, dit was—dit was tien keer groter as Pinkster!

80 En nou, en hier's, kom hulle in die straat af die volgende oggend, sewe van daardie groot Afrika-vragmotors, goeiste, baie langer as ons sleepwavragmotors hier, net opgestapel met ou . . . van goed waarop hulle hulle gedra het, en kieries, en draagbare, en karretjies, en dinge waarop hulle hulle ingery het. En hier het hulle agter dit aangekom, hulle het daarin gesit die vorige dag, en die volgende dag in die straat afgestap, gesing: "Glo net, alle dinge is moontlik, glo net."

81 Ek het dit al baiekeer gehoor, en dit het elke keer my siel opgewonde gemaak wat ek dit hoor, want dit was my temalied vir jare, maar nooit het dit my hart so getref om te hoor dertig . . . al daardie duisende maal duisende inboorlinge wat in die straat afkom wat nie meer oorlog maak nie. Ek het 'n plek uit die Durbanse koerant, gesê het binne die bestek van drie maande, ek vergeet hoeveel vuurwapens en vragte goed wat hulle gesteel het, wat gehad het, dit teruggebring het, hulle was klaar met sonde.

82 Laat ek nog 'n ding hier sê, ons is veronderstel om in die beskawing te wees, daardie vroue, wat daar gestaan het, daardie vroue, een het geboorte geskenk aan 'n baba, terwyl sy nie twintig voet van my af gesit het nie. Sy het nooit enige dokter gehad nie, sy het net die kleintjie opgetel. 'n Dame langs haar het dit gehad, geboorte gegee aan die baba, die klein agterent, protoplasma stimulasie gegee. En sy het dit opgelig na haar bors en die baba laat drink, en het net aangegaan om die baba te wieg, terwyl sy na my luister wat preek. Net so primitief as wat hulle kon wees! Maar weet julle wat? Sodra hulle Jesus Christus as persoonlike Verlosser ontvang het, wat daar gestaan het met niks behalwe 'n klein lappie omtrent *so* groot wat aan die voorkant van hulle hang soos *daardie*, toe hulle daardie gronde verlaat het, het hulle hulle arms gevou om weg te loop uit die teenwoordigheid van mans, om klere te kry om aan te trek.

83 Nou, waarom is dit dat ons onsself Christene noem, en elke jaar meer klere uittrek? Nou, ek kan dit nie verstaan nie, wanneer 'n rou heiden Christus ontvang, hulle begin. . .hulle besef dat hulle nakend is, en hulle arms vou, die dames, en wegstap. God help Amerika! In die—in die binneste van my hart, val die trane: "Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels wou Ek julle nie versamel het, soos 'n hen haar kuikens versamel nie!" Maar laat ek julle waarsku, die uur is naby.

84 Iemand het 'n tien-dollar-noot hier laat lê, ek dink nie dit was vir my nie, so as dit is, uh, daar, dit was waarskynlik in die kollekte, of iets, dit behoort aan iemand. Ek hoop ek sal nie. . . Ek sal dit reg onder hierdie Bybel insit, vir wie ook al, dit daar was.

85 Nou, ek is jammer om julle lank te hou, maar ek—ek—ek wil net, nou en dan, graag getuig. Ek sal probeer om nie meer as vier uur vanaand hierin te wees, as ek dit moontlik kan verhelp nie. En ek's. . .en as ek daaroor gaan, trek iemand aan my jas, as ek. . .Ek bedoel nie om 'n grap te maak nie, maar ek het dit net gesê, as voorneme, laat ons dit nou uitklaar.

86 En voor ons die Woord nader, laat ons die Outeur nader. Hoeveel ken Booth-Clibborn, William Booth-Clibborn? O, hy's 'n spreker! Preek in sewe verskillende tale, en hy's 'n boesemvriend van my. Hy het my gunsteling lied geskryf, *Af Uit Sy Heerlikheid*, en hy is 'n. . .o, hy het geskryf: *Kyk Die Bruidegom Kom*, en baie van daardie liedere. Hy is 'n Engelsman, maar hy's nou bo in Oregon. Hy's 'n goeie man, baie goeie man, maar, hy's so 'n. . .O, goeiste, hy weet. . .Hy kan die Bybel in Grieks preek, Dit preek in enigiets wat hy wil, hy—hy preek in sewe tale.

87 So eendag was ek en hy by Shreveport saam met Broer Moore, en ons het iets bespreek, en ek het die teenoorgestelde kant van die argument gehad. En ek het *iets dergliks* daaroor gesê vir

Broer Booth, en hy het gesê: "Maar luister hier, jong kêrel," hy het gesê: "jy ken net nie jou Bybel nie."

88 Ek het gesê: "Dit mag waar wees, Broer Booth, maar ek ken die Outeur baie goed."

Hy het gesê: "Nou, is dit nie oulik nie?" Gesê: "Jack, jy moet hom liefhê, in elk geval."

89 So, ek sal liewer die Outeur ken, as om Sy Boek te ken, want Hy sal die Boek openbaar as ons die Outeur ken. So, voor ons in die Boek ingaan, laat ons met die Outeur praat, met ons hoofde gebuig, as julle so gaaf sal wees.

90 Groot almagtige, Ewige, oneindige God, ons nader nederig U troon van genade, omdat ons genooi is om te kom deur die Here Jesus, deur te sê: "As julle die Vader enigiets in My Naam sal vra, sal Ek dit doen." Dan kom ons met die blye versekering van die wete dat ons sal kry waarvoor ons vra, daar is nie 'n sweempie twyfel in ons harte nie. As daar is, vergewe ons, Here, want dis sonde om God se Woord en Sy belofte nie te glo nie.

91 Ons vra dat die Heilige Gees saam met ons sal kom vanaand, sal ingaan op hierdie paar gereëlde woorde uit die konteks van hierdie teks wat ek geneem het, vanaand, om te praat hieroor, die gekooptes van U Bloed.

92 En ek is bewus, Vader, dat hoe ek sou voel as ek in 'n glas gehad het, vanaand, twee druppels van die letterlike Bloed van U kosbare Seun. Hoe ek dit teen my hart sou druk, dit eenkant moes hou om te keer dat my trane daarin val, om te weet dat dit daardie Bloed was wat my gered het, my genees het! Deur daardie Bloed, het ek 'n seun van God geword deur Sy genade. Hoe ek dit sou koester, en versigtig sou wees dat ek—ek my voet net reg sit, ek nie sou wou struikel om dit vir niks te laat uitstort nie!

93 Maar, Here, vanaand, in U Eie oë, het U 'n groter skat vir U in my hande geplaas as daardie Bloed. Want U het in my hande gegee, vanaand, die gekooptes van daardie Bloed, want, waarlik, U het meer van U mense gedink as wat U van U Eie Bloed het, omdat U U Bloed vir hulle gestort het.

94 Hoe moet ek hulle dan benader, Here? Opreg, eerlik, ten volle oorgegeede hart met versekering, in afwagting op die Heilige Gees vir die salwing, dat die woorde wat ek sê my in my gesig sal staar by die Oordeelsdag, wanneer U kinders daar staan. God wees ons genadig.

95 Ek bid dat U die spreker en die toehoorder sal heilig. Salf die woorde dat dit in die harte van die mense mag val, dat dit honderdvoudig mag voortbring, dit is ons doelwit, ons motief is om die Koninkryk van God te sien vooruit gaan. God, ons glo dis U wil, so mag dit gebeur dat ons Jesus Christus sondaars sal

sien red, afvalliges terugbring in die gemeenskap, en die siekes genees deur geloof in Sy Naam. Amen.

96 Nou, lê al ons gedagtes ter syde, die klein dingetjies wat ons mag gedink of gesê het, laat ons hierdie benader in 'n Goddelike orde. Ek hou daarvan om die Woord te lees, omdat my woord sal faal, ek's 'n man, maar ek lees Sy Woord, dan as niks anders nie, julle niks anders kry nie, sal julle *iets* kry wanneer ek die Woord lees.

97 In Matthéüs 12:42, lees ons hierdie Woorde:

> En *die koningin van die suide sal opstaan. . .in die oordeel saam met hierdie geslag, en sal dit veroordeel: want sy het gekom van die eindes van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor; en kyk, hier is meer as Salomo*.

98 Neem dit graag as 'n teks: *Meer As Salomo Is Hier*.

99 Nou, Jesus het Sy geslag bestraf omdat hulle nie Sy bediening geglo het nie. Hoe duidelik het God dit gemaak, en, tog, het hulle dit nie geglo nie. En hulle het na Hom toe gekom om 'n teken te soek, en Hy sou hulle 'n teken gee. En hulle het geweet, en is beter geleer, as om nooit net 'n teologie te probeer glo nie, want daar's te veel. . . te veel daarvan. Maar God het Homself altyd bevestig deur 'n teken wat 'n teologie bevestig.

100 Nou, as daar Bybelstudente hier is, waar ek in 'n Bybelkollege is, en ek praat voor slim predikers, en studente, en enigiemand weet dat hulle in die Ou Testament 'n wet gehad het, dit was die Tien Gebooie, en toe het hulle gehad wat hulle die Urim en Thummim genoem het. Daardie Urim en Thummim was 'n konglomerasie van Ligte wat weerkaats het vanaf die borsplaat wat Aäron gedra het, van die twaalf stene, wat die twaalf stamme van Israel verteenwoordig het, hulle geboortestene.

101 Nou, wanneer 'n profeet geprofeteer het, of 'n dromer 'n droom gedroom het, maak nie saak hoe werklik dit gelyk het nie, die teologie mag perfek, presies reg gewees het, maar voor hulle dit kon aanvaar as van die Here, het hulle hulle afgeneem na die Urim en Thummim, en hierdie profeet laat profeteer voor daardie Urim en Thummim, of die dromer sy droom laat vertel. En as die Urim en Thummim nooit geroer het nie, was dit verkeerd, maar as die Urim en Thummim in 'n bonatuurlike ingegaan en 'n konglomerasie van Ligte gewys het, bonatuurlike wat daaruit gekom het, as 'n teken, dan was die profeet reg, dit was die bevestiging.

102 Onthou Saul, hoe hy gesê het dat die Urim hom ook nie wou antwoord nie, ensovoorts? Sien? Dit was hulle manier om dit te weet.

103 Nou, vandag, na daardie priesterskap van Aäron verby is, het God 'n ander manier, 'n ander Urim en Thummim, dis die Bybel. As die man enigiets preek wat teenstrydig is, en nie in die Woord van God gevind word nie, dan sal ek dit uitlos. Maar as hy preek wat in die Woord is, en God kom terug en bevestig deur die Urim teken dat dit die waarheid is, dan is dit God wat getuig dat dit reg is, om dit nie te glo nie, is jy verlore.

104 Jesus, die Jode is geleer om te glo dat hulle 'n Messias sou kry, en daar is vir hulle vertel dat hierdie Messias 'n Profeet sou wees, en daar is vir hulle vertel dat Hy die teken van die profeet sou doen. Nou, Israel het 'n manier gehad om 'n profeet te toets, want as 'n profeet geprofeteer het, en dat wat hy gesê het, nie gebeur het nie, dan was hy nie 'n profeet nie, los hom uit, maar as dit wel gebeur het, luister dan na hom, want God het hom gestuur.

105 Nou, en hierdie Messias was die Hoof en God van *al* die profete, Hy was bo hulle almal. God het net een groot profeet in enige geslag gehad, daar was nooit twee op die veld op een slag nie. Elía en Elisa het arm-in-arm geloop, maar hy het nooit ten volle 'n profeet geword totdat Elía se kleed op hom geval het nie, dis waar. Sien? Hulle het kleiner profete gehad, ensovoorts, maar hy, 'n profeet is 'n man wat gebore is, en voorbestem, en verordineer vir daardie geslag, die Bybel leer dit, dis reg. Deur God se voorkennis het Hy 'n sekere persoon daarvoor bestem.

106 Nou, dan, toe Jesus gekom en al die Woorde vervul het wat . . . Hy was veronderstel om *daardie* Profeet te wees. Weet julle nie, hulle het Hom gevra . . .?

"Wie sê die mense wie is Ek? Wat sê hulle?"

"Is U daardie Profeet?" het hulle gesê.

"Julle het dit gesê." Sien?

107 Of: "Ons soek na 'n Profeet." Die vrou by die put, waaroor ons nou die aand gepraat het, het gesê: "Ons weet dat wanneer die Messias kom, sal Hy daardie Profeet wees, Hy's daardie Gesalfde, Hy sal ons die teken van die Messias wys."

Jesus het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

Sy het in die stad ingegaan, en vir die mans gesê: "Is Hierdie nie die einste Messias nie? Hy het my die dinge vertel wat ek gedoen het." En die manne het in Hom geglo.

108 Nou, julle onthou, Hy het nooit enige siekes genees nie, want Hy was God, Hy het geweet dat Filippus sou afkom om die siekes te genees na Pinkster. Hy het net met hulle gepraat, nooit nog een wonderwerk gedoen nie, maar dit het bewys dat Hy die Messias was, omdat Hy die verborgenhede van die hart geken het.

109 Nou, hoeveel glo, in hierdie gehoor, saam met julle Metodiste, Baptiste, en Pinksters, en wat julle ook al is, hoeveel van julle glo dat die Bybel waar is in Johannes 1, waar Dit sê: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon"? Is dit reg? Dit was Christus.

110 Hoeveel glo dan Hebreërs 4, waar Dit gesê het: "Die Woord van God . . . " Wat is Christus, is dit reg? Hy is die lewende Woord. "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, en selfs 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart." Weer terug na die Woord, en die Woord is met ons.

111 Nou, hoe kom die Woord van die Here? Die Woord het gekom na die, die Woord van God het na die profeet toe gekom. Hulle het nooit bevraagteken nie, want hy het die Woord van die Here gehad, want wat hy gesê het, het gebeur, so dit was die Woord van die Here.

112 En Jesus het gekom om dit te doen, en hulle het Hom 'n fortuinverteller genoem, Beëlsebub, 'n duiwel. En die werk van God 'n bose gees te noem, het Hy gesê, was godslastering van die Heilige Gees en sou nooit vergewe word in hierdie wêreld, of die wêreld wat sal kom nie.

113 Geen wonder Hy het hulle bestraf, hulle gesê nie. Hulle het gesê: "Ons soek na 'n teken," en nadat Hy die einste Messiaanse teken bewys het. En hulle was so gevestig in hulle teologie, totdat hulle dit nie wou sien nie. Hulle wou net nie, dis al, dit het hulle in die gesig gestaar.

114 Nou, enige man met . . . wat weet, sy volle verstand het, en die Bybel sal ken, weet dat Jesus nooit teenstrydig met die Skrif gekom het nie, Hy het gekom in ooreenstemming met die Skrif, maar Hy het teenstrydig met hulle teologie gekom. En dis hoe die Heilige Gees gekom het in die laaste dae, Dit het presies in ooreenstemming met die Skrif gekom, maar teenstrydig met mense se teologie. Is dit duidelik? Sien? Dit, Dit kom so.

115 Nou, Hy het hulle bestraf omdat hulle nie Sy Messiaanse teken geglo het nie, en dit 'n bose gees genoem het. Lees net die volgende . . . die res van die hoofstuk . . . die eerste van die hoofstuk, en kyk wat gebeur het.

116 Toe Hy vir Natánael gesê het, daar, daardie dag, gesê het: "Ek het jou gesien, voor jy was onder . . . toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien." Natánael as 'n verordineerde man tot Ewige Lewe, het hy gesê: "Rabbi, U is die Seun van God, die Koning van Israel."

117 Hy het gesê: "Salig is jy." Sien? "Omdat Ek dit vir jou gesê het, het jy geglo? Jy kan groter dinge as hierdie sien." Sien, hy's dan gereed om op te beweeg in 'n ander sfeer, sodra hy . . . Hy sou groter dinge sien, gesê: "Jy sal die Engele kan sien neerdaal, en opvaar, op die Seun van die mens," nou, want hy het in 'n hoër hoogtes ingekom.

118 As julle wat net Christus aanvaar het in regverdigmaking, aanvaar Hom in heiligmaking, en maak julle lewe skoon,

julle nog rook, kyk wat gebeur, hoe anders, julle terugkyk na regverdigmaking. Julle, wat net staan as geregverdig, nooit die doop van die Heilige Gees ontvang het nie, stap in daardie sfeer in, en kyk dan weer af na die res daarvan. Sien? Hou net aan loop, totdat jy naderhand so lig word, jy net kan verder loop tot in die Wegraping. Gaan net reguit op. Sien?

119 Ons het altyd 'n ou lied gesing: "Elke dag bring my een trappie hoër, hoër." Sien? Dis—dis wat ons behoort te doen, nooit dieselfde vuur op die gronde bou die tweede aand nie, hou net aan om hoër, hoër te klim.

120 Ek was in Phoenix 'n paar dae gelede, en hulle het 'n liedjie gesing: "Ek gaan op, op, op." En gesê: "Hy het opgegaan totdat hy die Melk Wit Weg getref het," dis wat ons moet tref. "En toe het hy 'n Boflopie gemaak, toe hy die Melk Wit Weg getref het." So dis wat ons moet doen.

121 Maar Jesus wat gedoen, en vir Sy Eie mense gewys het, presies volgens die Skrifte, en hulle het Hom versoek, en Dit het gesê: "Baie magtige werke kon Hy nie doen nie, as gevolg van hulle ongeloof." Nou, wanneer hulle dieselfde Heilige Gees in hierdie dag 'n bedrogspul noem, 'n verstandstelepatie, hoe kan jy 'n herlewing verwag? Hoe kan jy verwag, wanneer Jesus duidelik gesê het, en die profete geprofeteer het teen die aandtyd dat hierdie dinge sou gebeur? Wens ons het 'n maand gehad om hier te bly en dit te leer, sodat julle sou sien, met onfeilbare bewys, dat dit is.

122 En dan wanneer Amerika daarna kyk, spot hulle daarmee, holy-roller, fortuinverteller, 'n verstandstelepaat. Enigiemand wat die onderskeiding van gees 'n verstandstelepatie sou noem, die man is kranksinnig. Hy ken nie die eerste stap van verstandstelepatie nie, omdat dit sielkunde is, bewys dit dat hy nie weet waarvan hy praat nie. Dit wys sy eie onkunde van die professie wat hy aanspraak maak om te wees. Hy ken nie eens die eerste stap van sielkunde, as hy onderskeiding van gees *sielkunde* noem nie.

123 Mense kry dit. . .Hulle moet 'n antwoord gee vir iets, en wanneer hulle dit doen, in plaas van om te bid en God te vra om dit te openbaar, vorm hulle net hulle eie opinie, dis hulle opinie soos dit die tuin van Eden is, die vyeblare was die beste, so hulle aanvaar dit so: "My kerk glo dit nie, en dit is die einde daarvan." Dis wat God gesê het, nie wat jou teologie gesê het nie, dis wat die Bybel daarvan gesê het. Dis die toestand waarin Jesus die kerk gevind het. So ons besef. . .

124 En nou, ek gaan julle nie hou soos ek gisteraand het, as ek dit moontlik kan verhelp nie. Vriende, ek praat net deur inspirasie, kan net sê soos Hy sê, en dis hoekom dit my 'n lang tyd neem, partymaal.

125 Maar ek—ek wil hê julle moet oplet, dat God, in alle geslagte, regdeur die Bybel, Hy altyd Sy tyd gehad het dat toe Hy Sy tekens, wonders, en gawes onder die mense gestuur het, en, sodat Hy in die groot algemene opstanding *regverdig* kon wees. Want Hy kan die man hier laat staan, moet julle dit dan nie probeer ontken nie, "Want hier staan die persoon waardeur Hy met julle gepraat het, en julle is sonder verskoning," wat Hy gesê het van die koningin daar, julle weet.

126 Nou, en enige tyd wat God ooit 'n gawe aan die wêreld gestuur het, en die mense dit ontvang het, hulle het geword . . . was dit 'n goue eeu vir hulle, maar wanneer hulle dit verwerp het, het hulle in chaos ingegaan, en rampspoed, en in straf. Nou, julle Bybelgeskiedkundiges, of, sê net toe hulle eenkeer ooit God se gawes en Sy tekens verwerp het, en hulle ooit voorspoedig was.

127 Eenkeer, toe hulle sou gaan oorlog maak, het Hy gespreek, God het met hulle gepraat, gesê: "As julle voorspoedig wil wees, doen geen kwaad aan My profete nie, glo My profete, as julle voorspoedig wil wees." Wel nou, ons weet dat as hierdie Verenigde State van Amerika die Gawe van God sou aanvaar wat soontoe gestuur is . . .

128 Want uit Amerika het evangeliste en sendelinge gegaan wat 'n genesingsherlewing begin het, wêreldwyd. Soos die Engel van die Here, een-en-dertig jaar gelede, daaronder by die rivier gespreek het toe daardie Lig, Vuurkolom daar gehang het, en die koerante dit berig het, *Geheimsinnige Lig Verskyn Bo Plaaslike Baptiste Prediker*, 'n seun, terwyl hy vyfhonderd gedoop het in die Ohiorivier, en Hy het gesê: "Soos Johannes die Doper gestuur is om die eerste Koms van Christus vooraf te gaan, sal hierdie Boodskap die tweede voorafgaan." Hier is ons. Het dit dit gedoen? Sien? Van daar af het dit Oral Roberts, Tommy Hicks, tot Osborn, ensovoorts, om en om die wêreld het hulle gegaan. Sien? Dit het dit gedoen.

129 Let op, nou, as Amerika God se Gawe sou ontvang het, sou dit 'n goue eeu vir ons gewees het, as al die Amerikaanse kerke God se Gawe sou aanvaar het. Wat is God se Gawe aan die Kerk? Die Heilige Gees. Wat as al die Amerikaanse mense wat in Christus geglo het, die Heilige Gees sou ontvang? Hulle sou nie hoef te wonder wie in die sputnik gaan wees, of wie gaan in die masjien wees 'n honderd, tagtig myl rondom, daardie Kerk sou in die Heerlikheid wees voor hulle 'n sputnik aan die gang kon kry. Dis reg.

130 En jy hoef nie bekommerd te wees oor . . . Nou, is hulle so bang. Wel, as hulle—hulle . . . ons God se gawe aan ons sou ontvang het, wel, sou nie hoef te probeer het om gate te grawe om in weg te kruip van die atoombom, en al hierdie nuusberigte uit te gesaai het om 'n skuiling te bou om in in te kom, nie.

131 Ek wil julle iets vra. Hulle sê dat hierdie nuwe waterstofbom, en dis die enigste een waarvan ons weet, ons weet nie wat hulle agter in die mou voer nie, maar hulle kan in Moskou, Rusland staan, en 'n bom net op die regte tyd reg op hierdie gebou laat val, en dit rig met radar, en het hulle gemik op elke groot nasie, en elke groot stad in die wêreld, trek net een toutjie, en daar gaan sy. Iemand gaan te veel vodka drink eendag, daar sal dit wees.

132 En elke nasie wat staan . . . Ons het dieselfde ding. En een van daardie bomme gaan in iemand se radarskerm inkom een van hierdie dae, en daar gaan sy. En dit kan voor die oggend gebeur, maar voor dit gebeur, gaan die Kerk op. Dis reg. So as dit so naby is, hoe naby as die Koms van Christus? Dit moet gaan voor dit gebeur. Ek glo nie die Kerk gaan deur die Verdrukking nie, ek glo nie daar's 'n Skrif om dit te ondersteun nie. Ek . . . Nou, as ek net verskil, gooi julle dit net alles weg soos die been van die hoender af, ek gesê het, of 'n pit uit die . . . Sien?

133 Maar onthou, daar het nie 'n druppel reën geval tot Noag in die ark ingekom het nie, daar was glad nie enige Vuur wat geval het totdat Sodom, uh, Lot uit Sodom uitgekom het nie, Jesus het gesê: "Dit in daardie dae was, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

134 Die Kerk, alreeds, is, Dit hoef nie geoordeel te word nie, Dit is alreeds geoordeel, want Dit het Christus geoordeel, en Christus het Die oordeel verduur. Wanneer ons in Hom is, is ons vry van oordeel. As God jou oordeel, dan is Hy onregverdig, Christus het ons oordeel namens ons geneem. "En deur een Gees word ons gedoop in daardie Liggaam. Hy wat in My glo, het die Ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie," Johannes 5:24. "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Amen. Dis die Evangelie. O, hoe bly behoort ons te wees om net te kyk en te wag vir daardie wonderlike tyd! Nou, maar Amerika veroordeel dit, gooi dit uit, hulle wil liewer hulle teologie hê.

135 Nou, Jesus het hier na Salomo verwys, maar voor Hy dit gedoen het, is daar een man, hier, waaroor ek net 'n oomblik wil praat, en dis daardie kêrel, Jona. Soveel mense kritiseer vir Jona, sê: "O, hy's 'n Jona." Maar Jona het nooit uit die wil van God uitgegaan nie. Hoe kan 'n profeet uit die wil van God wees? Hy was God se profeet, hoe kon hy? Ek het 'n boek gelees hier, nie lank gelede nie, oor iets daarvan. Mag fiksie gewees het, dit mag waar gewees het.

136 Maar Jona het geneem . . . God het vir hom gesê om na Tarsis toe te gaan. Elía het vir Elisa gesê om agter te bly by Gilead, ook, maar hy het aangegaan. Sien? Maar ons moet dophou, God lei Sy kinders, en die voetstappe van die regverdiges word bepaal deur die Here, hulle word gelei deur die Heilige Gees. Partymaal

dink jy jy maak 'n fout, maar as die Gees jou lei, gaan doen dit in elk geval. Die Heilige Gees sê vir sommige van julle mense in rolstoele: "Staan op en begin loop," loop in elk geval.

"Hoe gaan ek soontoe?"

Dis nie jou besigheid nie, luister net na wat die Gees sê. Vir jou sê om na die altaar toe te kom, te bekeer, doen dit.

"My buurman, my pastoor . . . "

137 Ek gee nie om wat hy sê, Wat die Heilige Gees sê nie, gaan doen dit: "Seuns van God word gelei deur die Gees van God." Nou, baiekeer het ek na stede toe gegaan, ek het gedink ek het 'n fout gemaak, maar ek het net aanhou veg, naderhand, was dit nie 'n fout nie.

138 Jona was veronderstel om na Ninevé toe te gaan. Ninevé was 'n stad omtrent die grootte van St. Louis hierbuite, duisende mense, en hulle het God verlaat en afgode begin aanbid. En ons ken die storie, dat Jona veronderstel was om na Ninevé toe te gaan, maar hy het 'n skip na Tarsis geneem. So as hy na Ninevé sou gegaan het, sou die storie nie geskryf gewees het soos dit is nie.

139 So hy was op sy pad na Tarsis, en die groot see het begin dreun en tekere gaan. En—en Jona, 'n goeie, eerlike man, het vir hulle gesê dit was sy sonde, en hulle het sy hande en voete vasgebind en hom in die oseaan uitgegooi, en God het 'n groot vis daar gehad om hom in te sluk. Julle weet, ek het altyd jammer gevoel vir Jona, want . . .

140 Baie mense lyk soos . . . Hulle sê: "My hand is kreupel. Wel, daar is vir my gebid, daar's geen verskil nie." "My maag was seer, geen verskil nie." Solank jy daarna kyk, gaan daar geen verskil in jou wees nie, jy moet kyk na wat God gesê het.

141 Hier 'n tyd gelede, het ek gaan bid, omtrent vyftien jaar gelede, vir 'n jong man, wat gelê het, op sterwe aan swart witseerkeel, moeder en vader wat uitroep dat ek moet kom. Wel, ek—ek het soontoe gegaan, en die dokter was 'n Katolieke dokter, en hy wou my nie laat ingaan nie, het gesê: "Is jy 'n getroude man?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

"Het jy kinders?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Hy het gesê: "Ek kan jou nie laat ingaan nie," gesê: "dis aansteeklik."

Ek het gesê: "Meneer, ek's—ek's 'n prediker van die Evangelie, ek . . . "

Hy het gesê: "Ek gee nie om nie," het hy gesê: "dis aansteeklik, jy's nie daarteen ingeënt nie."

Ek het gesê: "Wel, dit mag ook waar wees, maar God sal vir my sorg."

Hy het gesê: "Luister, meneer," het hy gesê: "ek kan jou nie laat ingaan nie."

En ek het gesê: "Wel, die moeder en vader wat daar staan en huil, dat. . . "

Hy het gesê: "Die seun is op sterwe, hy is al op sterwe vir die laaste vier-en-twintig uur."

142 Ek het gesê: "Ek wil vir jou iets vra, Dokter. Nou, ons verskil in—in teologie," ek het gesê: "jy wat Katoliek is, en ek Protestant, maar," het ek gesê: "ons aanbid dieselfde God, jy vat net 'n ander pad. Maar ek wil jou graag iets vra: As dit 'n Katolieke seun was wat daarbinne gelê en op sterwe was, en die priester het hier gestaan, en daardie seun het gehuil, wou hom hê, en die vader en moeder wat smeek vir die seun om die laaste rituele van die kerk te ontvang, sou jy hom laat ingaan?"

Hy het gesê: "Wel, sekerlik!"

Ek het gesê: "Ek beteken soveel vir hulle, as wat 'n priester sou vir, die Katolieke seun."

En hy het gesê: "Maar wag 'n bietjie, die priester is nie 'n getroude man nie, jy is."

En ek het gesê: "As ek gewillig is om 'n verklaring te teken dat ek—ek verantwoordelik is. . . En dit sal nie met my gebeur nie."

143 Ek het hom uiteindelik oorreed, en hy het my aangetrek soos 'n Ku Klux Klan, en—en, regoor my gesig, en ek het daar ingegaan, en daar was 'n verpleegstertjie daar, en die seun was bewusteloos vir twee dae. En ek verstaan niks van medisyne nie, maar, in elk geval, hulle het 'n kardiogramtoets op hom gesit, en een of ander soort van *iets* wat die hele pad afgegaan het met die hand, en hy was net skaars aan die lewe, ek vergeet hoeveel keer sy hart per minuut geklop het.

144 En so, die ou vader en moeder wat daar gestaan het, het gesê: "O," hy het gesê: "Moeder, kyk, Broer Branham is hier, dit gaan wees. . . die Here gaan nou genees." [Leë kol op band—Red.]

145 Ek het vir hom gebid, ek het gesê: "Hemelse Vader, ek kom nou hiernatoe, as U dienskneg, ek kom met geloof, ek. . . U het my op een of ander manier ingelaat, so verby daardie dokter, hy was bietjie toegeeflik en het my laat inkom. En nou, lê ek hande op hierdie kosbare, sterwende seun, en ek vra dat sy lewe aan hom herstel word, in die Naam van Jesus Christus." Ek het opgestaan.

En die moeder en vader het mekaar begin omhels, en gesê: "Is dit nie wonderlik nie, Moeder?"

En ek het gesê: "Glo julle?"

"O," gesê: "sekerlik!"

146 So aangegaan, ek het begin uitgaan, en die verpleegstertjie het soontoe geloop. En hulle het net uitgeroep, en God geprys vir die seun se genesing, hy het nooit beweeg nie, en die moeder, die klein moedertjie en vadertjie wat juig.

147 So, die verpleegster het gekom, sy het gesê: "Meneer," het sy gesê: "ek glo in—in geloof, self," sy het gesê: "maar hoe kan jy daar staan en so aangaan, en jou enigste kind wat hier lê, op sterwe?"

"O," het die vader gesê: "hy is nie op sterwe nie, hy lewe, hy gaan lewe."

"Wel," het hulle gesê: "hoe dink jy enigiets soos daardie?"

Gesê: "Wel, hy lewe, beslis."

148 Sy het gesê: "Luister, meneer," gesê: "dis goed om geloof te hê, en ons glo almal in geloof in God." Sien, daar gaan jy weer terug na daardie basterteologie. Sien? En gesê: "Maar," gesê: "toe daardie hand. . . " Wat dit ook al was, nou, as daar 'n dokter teenwoordig is, ek weet nie wat dit was nie, maar op een of ander manier, ooit, wanneer dit ooit so laag afgegaan het, daardie hartklop met hierdie siekte, was dit nog nooit bekend in die geskiedenis om ooit weer terug te kom nie.

149 Die ou gelowige man het sy arms om die verpleegstertjie se nek gesit, hy het gesê: "Skat," gesê: "jy's opgelei om daardie masjien dop te hou, dis wat jy weet." Gesê: "Ek blameer jou nie, dit het baie goeie dinge gedoen." Hy het gesê: "Maar, jy sien, dit hang af waarna jy kyk," gesê: "jy kyk na wat daardie masjien sê, ek kyk na wat 'n belofte van God sê." En daardie seun is 'n sendeling in Afrika vanaand, die vader van twee kinders, wat die Evangelie verkondig.

150 Dit hang af waarna jy kyk. Die Bybel, die Christen, kyk na die Onsigbare, nie wat jy hier sien nie, maar Wat God gesê het, Dis 'n belofte. Gee nie om wat die wetenskap sê of enigiets nie, dis Wat God gesê het.

151 Julle weet, mense praat van simptome, ek dink Jona het die ergste geval van simptome gehad waarvan ek ooit geweet het. Onthou, hy was in die maag van 'n walvis, en nou, hy was ver buite in die oseaan 'n paar-dae se reis ver, miskien was dit veertig vaam diep daar, en daar was 'n storm op die see, en sy hande was agter hom vasgemaak.

152 En julle weet wat hy gedoen het? Die vis wanneer dit vreet, kry hy 'n maagvol, gaan hy af na die bodem van die see om te rus. Voer net jou goudvis en kyk wat gebeur, hy gaan af om te rus. So, hy het hierdie profeet in sy maag gehad, so nogal goed vol, so hy—hy het afgegaan om te rus.

153 En daar was hy met sy hande agter hom vasgebind, en as hy omgedraai het in die braaksel van die walvis, wanneer hy na *hierdie* kant toe gekyk het, was dit walvismaag, *hierdie* kant toe,

was dit walvismaag, oral waar hy gekyk het, was walvismaag. Nou, daar's niemand hier in daardie slegte toestand vanaand nie, julle weet dit.

154 Maar weet julle wat daardie profeet gesê het? Hy het geweier om die walvis se maag te sien, hy het gesê: "Hulle is valse nietighede, ek sal nie na hulle kyk nie." Hy het gesê: "Maar nog een keer sal ek kyk na U heilige tempel." Want toe Salomo die tempel toegewy het, het hy gebid, 'n man, 'n aardse man wat later afvallig geraak het, en toe hy die tempel van God toegewy het, het hy gebid, hy het gesê: "Here, as U mense iewers in die moeilikheid is, en kyk na hierdie heilige plek en bid, hoor dan uit die Hemel." Hy het soveel vertroue gehad in die gebed van Salomo, 'n man by 'n aardse tempel.

155 En God, ek weet nie wat Hy gedoen het nie, Hy moes 'n suurstoftenk daarin gesit het of iets, maar Hy het hom lewendig gehou vir drie dae en nagte, en hom afgelewer in Ninevé, waarnatoe hy veronderstel was om te gaan.

156 En as Jona soveel geloof kon hê in 'n man se gebed, 'n aardse man wat later afvallig geraak het, vir 'n aardse tabernakel gebou met hande, hoeveel te meer, onder, kan ons, onder *hierdie* omstandighede, geloof hê in die Bloed van Jesus Christus, Wat sit, nie by 'n aardse tempel nie, maar aan die regterhand van God die Vader met Sy Eie Bloederige klere, wat voorspraak maak volgens ons belydenis! Hoeveel te meer kan ons enige simptoom ontken wat teenstrydig is met die geloof van God wat ons lei! Hoe kan ons so-iets doen? Nou, ek wil vir julle sê, Jona was nie heeltemal dit nie, maar hy, ook, Jona was in die wil van God.

157 Nou, die mense het begin om ongediertes en diere te aanbid, dis wat heidene doen, aanbid diere. Ek sien al hierdie mense, hierdie ou hondjies hierrond, en geboortebeperking toepas, ek glo dis net omtrent weer terug in Amerika.

158 So dan kom ons terug, en ons vind dat hulle aanbid... die god van die see was 'n walvis. Hulle was vissermanne van beroep, al die manne was uit om vis te vang met hulle nette. En eendag omtrent elfuur in die dag, hier het die seegod ingekom, die walvis, wat opkom uit die see. Al die manne het bang geword, want die groot seegod het ingekom. Hy het aan wal gekom, sy tong uitgelek vir 'n loopplank, en die profeet het reguit afgestap, en begin profeteer: "Bekeer, of hierdie plek sal binne veertig dae vergaan!" Reg af in die straat het hy gegaan, met sy bleskop wat blink, "Bekeer, of hierdie plek sal vergaan! Bekeer, of die plek sal vergaan!" Sekerlik, die god het die profeet uitgespoeg, sekerlik. God weet hoe om dinge te doen, Hy weet net hoe om alles reg te laat werk.

159 Jesus het hier na hom verwys: "'n Slegte en owerspelige geslag soek na tekens," het Hy gesê, soek na tekens. Maar Hy het

gesê: "Hulle sal 'n teken kry, want soos Jona drie dae en nagte in die maag van die walvis was, so die Seun van die mens . . . "

160 Nou, ek wil vir julle iets vra, nou vinnig, want ek sien ons moet opskud, ek wil julle iets vra: Van watter geslag het Hy gepraat? Hoeveel weet 'n Skrif het altyd 'n saamgestelde antwoord? Sekerlik, dit het. "Uit Ninevé . . . Uit Egipte het Ek My Seun geroep," Matthéüs 3: daardie verwysing nagegaan het, was dit Jakob sy seun wat Hy uitgeroep het, ook Jesus Sy Seun. Sien?

161 Goed, nou, as Hy gepraat het van 'n bose en 'n owerspelige geslag, was dit hierdie geslag, 'n bose, en 'n bose, 'n owerspelige geslag, en Hy het gesê hulle sou 'n teken ontvang. Nou, sit julle pette op, sit op, maak julle hart oop, behalwe dit, sit 'n geestelike tregter daar om dit op te vang, onthou, Hy het gesê: "Hierdie bose en owerspelige geslag sou 'n teken ontvang." Watter soort teken? "Die teken van die opstanding." Begryp julle dit? Christus lewendig, vanaand, onder ons, wat dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het. "'n Bose en 'n owerspelige geslag sal 'n teken van die opstanding ontvang." Dis presies, presies wat die Skrifte belowe het: "sal 'n teken van die opstanding ontvang."

162 Nou, vinnig na my afsluitingsgedagtes, wens ons het meer tyd gehad, maar ons het nie. Toe het Hy na Salomo toe gekom. In die dae van Salomo . . . Nou, gee my julle onverdeelde aandag vir omtrent tien minute. In die dae van Salomo, was dit 'n goue eeu, God het 'n gawe vir die aarde gegee, dit was 'n gawe van onderskeiding. Salomo het 'n onderskeiding gehad. Hoeveel weet dit? En hy kon onderskei, want dit was van God. Die Woord van God was by Salomo, hy kon onderskei. Wel, al die mense het vergader om daardie gawe, o, goeiste. En enige prediker weet dit was—dit was Israel se goue eeu, geen oorloë nie, en hulle het die tempel gebou, en alles was vrede, en alles, die goud- . . . want hulle het die gawe ontvang wat God gestuur het.

163 En daardie dae het hulle nie televisie gehad nie, dank die Here, maar hulle, en hulle . . . die enigste wat hulle moes—om nuus oor te dra, was van lip tot oor. En elke karavaan wat deurgegaan het, sou hoor van hierdie groot gawe, hulle sou na Salomo se kerk toe gaan en daarna kyk, dan teruggaan en dit neem na die volk, totdat sy roem oral versprei is.

164 Ver onder in Skeba, merk dit op julle kaart hoe ver dit is, reg onder oor die Sahara Woestyn, mense wat deurgekom het, daaronder was 'n koninginnetjie daaronder, en sy het gehoor van die roem. Almal sou deurkom, sou deur Egipte gaan en sê: "O," of, deur Israel gaan, sou sê: "jy moet na Israel toe gaan. O, hulle God is 'n lewende God, Hy beweeg onder hulle. Hulle het 'n man daarbo, wat gesalf is met Sy Gees, en hy doen dinge wat 'n mens nie kan doen nie, dis 'n bonatuurlike." En die koninginnetjie het daarvan begin hoor, almal het daarvan gepraat.

165 Wat as ons net so oor ons God sou praat, hoe Hy die Heilige Gees gee, en vrede, en vreugde, begrip? O, sou dit nie wonderlik wees nie? Nou: "Geloof kom deur die [Gemeente sê: "Gehoor."—Red.] die gehoor van die Woord van God." Nou, haar ou hart het begin honger. Julle weet, jy kan nie oor God praat tensy dit jou hart laat honger, as daar wel enigiets in jou is, nie. So, haar hartjie het begin honger: "O, ek wonder of dit waar is?"

Volgende karavaan wat deurgekom het: "Was jy bo in Israel? Hulle sê vir my hulle het 'n herlewing aan die gang daarbo."

"Ja. Ja, ja, ja."

"Het jy dit gesien?"

"Ja. O, ek sê jou, ek het nog nooit so-iets gesien nie! Wel, daar's nie 'n mens op aarde wat ooit bekend was nie! Daardie wysheid, daardie onderskeiding is volmaak."

"Het jy dit gesien?"

166 "O, dit het op my gewerk, ek weet dit was. Sien? Sekerlik, dit was wonderlik. O, jy moes dit gesien het. O, daardie man, hy—hy, wel, dit kon nie die man wees nie, ek—ek het sy hand gevoel, ek het sy hand geskud, hy dra klere soos ons, maar hy's gesalf met die Gees van God, en hy gee God al die eer. Hy het gesê God het hom 'n gawe gegee om die mense te lei. O, hoe wonderlik alles is! Jy moet dit sien."

167 Geloof kom deur die gehoor. Nou, vandag sou ons sê: "*Ag, hmm!* Ons is Metodiste. Ons is Baptiste. Ons het niks te doen met daardie soort goed nie, nee." Dis—dis waarom ons nêrens kom nie. "Holy-rollers, daardie klomp Pinksters? Nee! *Ag, phhh!* Niks aan daardie klomp holy-rollers nie." Sien, gaan voort, ons naam is op 'n bom daarbuite iewers. Ons—ons sal dit kry, ons sal die beloning kry, dis seker, so toe, hulle het die dag toe hulle Jesus verwerp het, hulle het die dag toe hulle die res van hulle verwerp het, Noag verwerp het, en verder aan. En God faal nooit, Hy's altyd dieselfde, so ons sal dit kry.

168 Nou, ons let op die eerste ding wat gebeur het. Nou, laat ons net kyk vir nog 'n—'n paar minute. Nou, die koninginnetjie het begin dors, honger en dors. Wat het Jesus gesê? "Salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid." Net eers of hulle dit gekry het of nie, hulle net dors daarna, is jy geseënd. So, sy het gesê: "Ek moet gaan kyk!"

169 So nou die eerste ding wat sy doen, sy moet haar—haar pastoor gaan sien, haar biskop, julle weet, voor sy kan kom, so, julle weet, sy's 'n hooggeplaaste, julle weet. So, ek kan haar sien opgaan, sê: "Heilige vader, hulle sê vir my dat die Israeliete, daarbo, 'n herlewing aan die gang het, en hulle God afgekom het, in 'n mens woon, en hy 'n kragtige onderskeiding het, en daar niks is soos dit nie."

170 "My dogter, *ahem*, *ahem*, ek is die heilige eerwaarde vader, en jy verstaan regtig dat as daar enigiets in die bonatuurlike lyn aan die gang was, ons kerk dit sou hê." Ons het hulle steeds, julle weet. So: "Moenie met daardie klomp lol nie, dis 'n klomp ongeletterdes daarbo. Daar—daar's niks soos daardie nie, dis net denkbeeldig, daar's niks daaraan nie. Moenie soontoe gaan nie."

171 "Wel," het sy gesê: "Kyk, as dit in ons kerk was, waarom sien ek dit dan nie in ons kerk nie?" Dis 'n goeie vraag. "Hoekom sien ek dit nie? Nou, ek was hier, en my ouma het aan hierdie kerk behoort, my ouma en oupa was lidmate hier, my oupagrootjie en ouma was hier, en ons het nog nooit een beweging van enigiets bonatuurliks gesien nie. So nou vertel julle my dit alles, en hierdie afgode ensovoorts, en julle het 'n klomp boeke hier, en 'n klomp teologie, maar ek sien hulle nie, maar hulle sê vir my dat Iets lewendig is daarbo," amen, ek hou daarvan, "Iets wat eg is, Iets wat Ditself kan voortbring." Halleluja! Nie verbaster nie, maar Dit kan die regte ding voortbring.

172 Wel, hy het gesê: "Nou, my dogter, luister, besef jy dat jy 'n sosiale aansien het? Jy behoort aan die kiwa-. . ., al hierdie klubs, en dinge, as jy gaan, weet jy wat gaan gebeur?"

"Ek gee nie om wat gebeur nie." Man, wanneer 'n man of vrou begin honger na God, is daar niks wat hulle gaan stop nie.

173 Sy gaan weer terug, ek wens ons kon langer daarop vertoef, maar ons moet opskud, so sy gaan weer terug, en sy het gesê: "Weet jy wat? Ek gaan in elk geval, so ek gee nie om of hulle my ekskommunikeer, en my naam van die boek afhaal nie, ek gaan in elk geval. Maak geen verskil, as ons kerk nie daarmee saamwerk nie, dit beteken niks, ek gaan omdat Iets in my hart vir my sê daar is 'n lewende God iewers, ek is vasbeslote om Hom te vind." Amen.

174 Nou, wanneer jy dit kry, is daar niks wat jou gaan stop nie, geen heilige vaders, of biskoppe, of niks anders gaan jou stop nie, geen heidense seremonies, of geen mensgemaakte teologie, of enigiets anders, as God op jou hart druk nie. As Hy dit nie doen nie, wee jou, mag God jou genadig wees.

175 Dan vind ons uit, sy het gesê: "Wel, nou, as hulle my naam van die boek afhaal . . . "

Al die susters het rondgegaan, gesê: "Jy is die koningin."

176 Sy het gesê: "Ek gee nie om wat ek is nie, ek moet op hierdie roepstem antwoord wat roep." Wanneer die diepte roep na die diepte, moet daar 'n diepte wees om op daardie roep te reageer. Dis reg. Voor daar 'n vin op die vis se rug was, moes daar eers 'n water gewees het, vir hom om in te swem.

177 As julle in Goddelike genesing glo, glo julle dit? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit wys daar's Goddelike genesing iewers, dis reg, want julle het nooit daardie begeerte gehad nie.

178 Ek het 'n klein seuntjie gesien, in die koerant nou die dag, waar hy die uitveërs van sy potlode afgeëet het, en sy mamma het hom gekry waar hy die pedaal van 'n fiets af eet. Hulle het hom afgeneem na die laboratorium na, of, die kliniek om hom te toets, uitgevind sy klein liggaampie het swael nodig gehad, hy het dit in rubber gekry. Hoekom? Dis waar swael is, in rubber. Sien, voor daar 'n begeerte na swael kon wees, moes daar 'n swael wees om te reageer op daardie begeerte. Voor daar 'n skepping kan wees, moet daar 'n Skepper wees om die skepping te skep. Halleluja!

179 En as, vanaand, ons hier honger vir Goddelike genesing, is daar 'n Fontein iewers oop. Jy honger na meer van God, is daar meer van God iewers, of jy sou nie die honger gehad het nie. Dis net die wet daarvan, van God, een van Sy wette, soos saai en maai, ensovoorts.

180 Let nou op, sy het gereed gemaak, sy het gesê: "Nou, wag 'n oomblik, dit mag dalk nie waar wees nie, ek weet nie, maar ek glo dit is. So, julle weet, as dit waar is, gaan ek 'n klomp geld neem, gaan ek dit ondersteun, en as dit nie waar is nie, kan ek my geld terugbring."

181 Dit, julle weet, dit sal Pinkstermense goed doen om haar raad te volg. Soveel mense ondersteun dinge op radio wat lag, en julle 'n holy-roller noem, julle bespot, en tog ondersteun julle radioprogramme met sulke goed soos daardie, met julle goeie, swaarverdiende geld. Ek sou dit sit waar dit regtig goed gedoen het. Dit is reg. Predikers het my nooit gesê om dit te sê nie, ek praat met niemand gedurende die dienste nie, ek is alleen in die kamers. Maar dis waar, as dit reg is, is dit nie net jou geld werd nie, is dit jou lewe werd, is dit alles werd. As dit nie reg is nie, los dit uit.

182 So, ek veronderstel sy het al die Boekrolle opgekoop, en probeer lees wat Jehova was. Dis 'n goeie manier, vind uit wat Hy is, dan kyk jy of dit Hy is of nie.

183 Dis hoe mense vandag behoort te maak, lees wat Jesus gister was, dan te kyk of dit Hy vandag is. Dis reg. Kyk of Hy dieselfde optree vandag as wat Hy gister gedoen het, kyk of dit dieselfde Gees is, dieselfde God die heelpad deur die Bybel, kyk of dit Hy is, kyk of Hy dieselfde dinge wys, dan as jou teologie teenstrydig is daarmee, raak ontslae van jou teologie en kry God. Dis reg.

184 Nou, onthou nou, kyk, sy het 'n klomp gevare gehad om deur te gaan, daardie koninginnetjie het baie gehad wat voor haar gestaan het. Onthou, wat het sy gedoen? Sy het waarskynlik vir haarself 'n klein leër gekry, 'n klomp eunugs, en 'n paar meisies om saam met haar te gaan. En onthou, sy het 'n lang pad gehad om te reis. En behalwe dit, was Ismael se kinders in die woestyn, en hulle was rowers. Wel, wat 'n maklike ding sou dit wees met al daardie. . .Sy het baie goud geneem, speserye waarvan niks geweet het, die res van die wêreld nie, en wierook en groot

kosbare skatte. Wel, daardie klein . . . daardie Ismaeliete, daardie vlugvoetige ruiters kon daar ingery het, en daardie klein groepie doodgemaak, en daardie geld gevat, en gegaan het, binne 'n paar minute.

185 Maar julle weet, wanneer iets in jou hart beweeg om God te vind, ken jy geen vrees nie. Sê: "Kan ek loop, Broer Branham?" Jy regtig honger daarna om te loop, God dit in jou hart sit . . . Jy sê: "Ek mag 'n fout maak." Wat? Fout? God sal jou daardeur neem, moet jou nooit daaroor bekommer nie, as God jou in jou hart sê.

186 Sê: "Broer Branham, ek—ek sou graag wou wees . . . Ek sou graag die hele Evangelie wou preek, maar—maar ek's bang om dit te doen, hulle sal my ekskommunikeer, hulle sal my papiere van my wegneem." Gooi dit terug na hulle, en begin wandel met God.

187 Verpleegster het nou die dag vir my gesê, gesê: "Ek glo Goddelike genesing," maar gesê: "hulle sal my skaapvel van my wegneem, as ek . . . enigiemand Goddelike genesing bely," bo in die hospitaal waar ek vir 'n paar mense gebid het, hulle genees is, gesê: "as ek dit bely, sou hulle my verpleegstersregte wegneem, my skaapvel."

188 Ek het gesê: "Dis 'n bokvel, gooi dit weg en kry 'n regte skaapvel," Ek het gesê: "ja, waar die Bloed van Jesus Christus geskryf is." Dis waar. Enigiets . . . Ek glo in medisyne, ek glo in dokters, ek glo in hospitale, maar moenie 'n fanatikus wees nie, moenie tot daardie uiterste gaan, om te weet dat daardie dinge die enigste dinge is nie, God is die Een wat die genesing doen, hulle is net die natuur s'n.

189 Ek glo in masjinerie, ek glo in motors, en ek glo in seep om ons hande mee te was, en klere wat ons dra, en masjiene en dinge, ek glo daarin, maar dit gaan nie my geloof in Almagtige God hinder om te weet dat Hy die een is wat hulle gee, en hulle na my toe stuur nie. Dis presies reg, sekerlik.

190 Nou, ons let op, sy het baie gehad om haar te verhinder. Maar julle weet, wanneer enigiemand regtig dors na God, is daar niks wat hulle gaan stop nie. Sy het aanbeweeg. Nou, onthou, sy het nie net binne vyftien minute gegaan nie. Het julle die afstand gemeet? Julle weet hoe lank dit neem, hoe lank dit sou neem om soontoe te ry? Wel, eerste ding, moes sy oor die Sahara Woestyn gaan. En sy het nie in 'n lugversorgde Cadillac gegaan nie, nee, maar sy het op die rug van 'n kameel gegaan, dit het haar drie maande geneem om dit te maak, drie maande. Geen wonder Jesus het gesê: "Sy sal in hierdie geslag staan, en dit veroordeel".

191 Mense wat oorkant die straat woon, wil nie kom nie, wat motors het, en vervoer, en al die res, en steeds nie! Dit wys. Sy sal staan saam met hierdie Verenigde State, en hierdie geslag in die

dae van haar opstanding, en hierdie volk veroordeel, Jesus het so gesê, dit maak dit reg.

192 Sy het nie gekom in 'n lugversorgde wa, of 'n Cadillac nie. Sy moes waarskynlik in die nag reis, en—en die karavaantjie die paar eunugs saam met haar, maar sy was vasbeslote om uit te vind of dit van God was of nie. Die heeltyd, gelees, en moes reis in die nag, bedags bo in 'n klein oase gelê, iewers onder, die loeiende winde, en die Boekrolle gelees, wat God was en wat Hy sou... wat sy kon verwag, as dit God was.

193 En toe sy uiteindelik daar gekom het... Nou, sy het nooit gekom om te bly soos sommige mense by Bloomington, of sovoorts, kom nie, hulle sal inkom, 'n oomblik gaan sit: "Ek sal gaan, iemand, my bediende, my *so-en-so*, hulle het my gevra om te gaan, so ek reken ek sal gaan, maar as hy een ding sê teenstrydig met wat ek glo, sal ek reguit uitstap." Dit wys jou onkunde, dit wys in watter soort huis jy grootgemaak is. Ek is grootgemaak in 'n berghuis in Kentucky, maar my mamma het my beter grootgemaak as dit, om respek te hê. As ek kom, sou ek bly om daarna te luister, of ek sou glad nie kom nie. Maar staan reguit op, en: "Eerste ding wat hy sê wat ek nie glo nie, daar gaan ek." Daar het julle dit, gaan net voort.

194 Toe, maar sy het gekom om te bly. Toe sy uiteindelik by die hek aangekom het, wat het sy gedoen? Sy het die kamele afgepak, haar tent opgeslaan, en gereed gemaak om te bly totdat sy tevrede was, deur die Skrifte te kyk, totdat sy dit ondersoek het om te sien of dit reg was of nie.

195 Nou, dis hoe ons behoort te maak. Geen wonder sy sal hierdie geslag veroordeel nie, sy moet. Sy's... sy sal dit veroordeel. Sy het gebly, nie gesê: "Wel, as hulle meer as twintig minute preek, broer, is ek weg," nie. Goed. Maar sy het gebly vir dag na dag. Sy het gekom omdat daar Iets in haar hart was wat aan haar getrek het.

196 Jy sê: "Maar, Broer Branham, dit mag beteken ek sal twee ure slaap verloor." Dit het 'n koninkryk vir haar beteken, maar dit het ook vir haar Lewe beteken. Julle dink ek is hard, maar ek is nie. Sien? Ek wil net hê julle moet die waarheid ken.

197 So sy het daar gebly, sy het haar kamele afgelaai, en sy het opgestaan. Ek kan my voorstel, volgende oggend, 'n dramatjie nou ter afsluiting, sy gaan oor na die, of, sy het gesê: "Ek sal nou uitvind. Ek weet net omtrent wat Jehova is, want ek het die profete gelees, en ek weet wat dit sal wees."

198 Wel, die kerkklokke het gelui, en die musiek het gespeel, naderhand het Pastoor Salomo uitgekom, uitgekom op die platvorm, hulle het opgelet die eerste een met die gebedskaartjie, of wat hulle ook al gehad het, wat opgekom het, wat, hoe hulle dit gekies het, opgekom het. Sy het opgelet daardie onderskeiding was volmaak, ek kan my voorstel haar hartjie het begin klop.

Volgende een het opgekom, volmaak; volgende een wat opgekom het, volmaak; volgende een opgekom het, volmaak. O, goeiste!

199 Ek verbeel my sy het teruggegaan na haar tent, haar diensmeisies ingeroep, gesê: "O, dis net presies, net presies volgens hierdie Woord, hierdie Skrif hier wat ek lees, dis volgens wat almal vir my sê. Ek gaan vir my 'n kaartjie kry, en ook daar opkom. Ja, meneer. So, ek sal gaan."

200 So sy het haar voorsetsel gemaak, en toe sy by 'n punt gekom het waar sy sou opstaan, haar voorbereiding gemaak het, liewer, en toe sy gereed gemaak het, toe sy opgekom het voor Salomo, het die Bybel gesê dat daar niks van haar verberg was vir Salomo nie, hy het haar vertel wat in haar hart was.

201 Weet julle wat daardie heidense vroutjie gedoen het? Sy het omgedraai, want Salomo het dit gesê, en sy het geweet dit was van God, sy het gesê: "Geseënd sy die Here God." Hou die woorde dop, Elohim, die groot Jehova: "Geseënd sy die Here julle God wat julle hierdie dinge gee. Alles wat ek gehoor het, was waar, en meer as wat ek gehoor het," want dit het met haar gebeur, julle sien: "meer as wat ek gehoor het, is waar." En sy het gesê: "Geseënd is selfs hierdie manne wat by julle is, wat daagliks hier staan, en voor julle sien, hierdie gawe wat werk. Geseënd is hulle wat by julle is. O, hierdie is wonderlik," het sy gesê.

202 En Jesus het gesê sy sal staan in die Oordeelsdag, en hierdie geslag veroordeel, want meer as Salomo is hier. O God, wees ons genadig, is my gebed.

203 Ek wil graag 'n bietjie verder gaan. "Geseënd is die mense wat by julle is, wat die heeltyd sien dat hierdie gebeur. Alles wat ek gehoor het, is reg, en meer, daar is meer as wat ek gedink het was, wat reg is."

Laat ons ons hoofde buig.

204 Here Jesus, U is steeds dieselfde God, daar's geen verskil in U nie. U is God op die huisdak, U is God in die berg, U is God in die vallei, U is God van die see, U is God van die hemele, U is God van die Skepping, U is die God van ons lewe, U is die God van alles wat daar is, U is God. Ek bid U, Here, dat soos hierdie groepie mense, net twee of driehonderd mense wat hier bymekaar sit, vanaand, tog kom U al die pad uit die Hemel om die uitroep van een blinde bedelaar te hoor, U het eenkeer al die pad van die Hemel af gekom om te antwoord, of, oor die oseane na een man wat kranksinnig was, die besetene van Gadara, daardie een man genees en na U huis toe teruggegaan, sou U te-. . . U sou vanaand van die Hemel af kom, om U Woord te bevestig, want die Bybel sê U waak Daaroor om Dit te bevestig.

205 O God, laat dit wees dat hulle nie hierdie arme, ongeletterde, stomme man sal oplet, wat hier staan en die Woord probeer spreek nie, maar mag die groot Heilige Gees kom en spreek. Hulle is 'n lieflike gehoor, Here, ek hou daarvan om met hulle te praat,

ek hou hulle te lank elke aand, maar, Vader God, een Woord van U sal meer as 'n miljoen, biljoen beteken wat ek kan sê. Kom, en bewys dat wat ek gesê het, die waarheid is, dat meer as Salomo hier is; kom, en bewys aan hulle, Here, dat U die herrese Here Jesus is, U Woord hou.

206 Ek gee myself, en hierdie kerk, en hierdie siek mense in U hande, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

207 Nou, sal julle nog tien minute wag, of vyftien? Ek—ek sal nie tyd hê nie. En waar is Billy Paul? Hy. . . Watter kaartjies het hy Maandag uitgegee, weet julle? Of die dag wat ek dit gesê het, Sondag, was dit, het ek vir die siekes gebid? Of was. . . ? Wat was hulle? ['n Broer sê: "A, een."—Red.] A's, A's. Goed. Van waar af het ek geroep? Eerste deel van hulle van een af? Kom ons roep van die laaste deel van hulle af.

208 Laat ons sien, kom ons begin van waar? Kom ons begin by vyf-en-sewentig. Laat ons kyk of ons dit het. Is A, een. . . sewe-. . . Is A, vyf-en-sewentig hier? Steek jou hand op. Iemand kyk na jou kaartjie. Nee? Wel, ons sal van iewers anders af begin. O, goed. Goed. A, vyf-en-sewentig, is dit reg? Kom net hier, jong kêrel. A, ses-en-sewentig, waar is dit? Goed, meneer. A, sewe-en-sewentig, steek jou hand op.

209 Ons sal by almal van hulle uitkom, ons moet hulle net roep soos ons kan. Sewe-en-sewentig, waar was dit? Sewentig—sewe-en-sewentig, agt-en-sewentig? Wie het A, agt-en-sewentig? Kom hier. Agt-en-sewentig. Nou, daar's iets verkeerd iewers. Vyf-en-sewentig, ses-en-sewentig. Wie het sewe-en-sewentig? Ses-en-sewentig. Sê, wie het ses-en-sewentig? Wie het gebedskaart A, ses-en-sewentig? Goed. Iemand het hulle hand verkeerd opgesteek. Moenie dit doen nie, jy maak ons deurmekaar. Goed, ses-en-sewentig, sewe-en-sewentig, agt-en-sewentig, nege-en-sewentig. Nege-en-sewentig, steek jou hand op, asseblief. Goed, tagtig.

210 Nou, as julle nie kan opstaan nie. . . Julle mense in die rolstoele, het julle gebedskaartjies? Wel, julle hoef nie gebedskaartjies te hê om genees te word nie, hierdie is net mense wat na die platvorm toe kom.

211 Nou, een-en-sewentig, of, waar het ek nou begin? ['n Broer sê: "Vyf-en-sewentig."—Red.] Vyf-en-sewentig. Vyf-en-sewentig, ses-en-sewentig, sewe-en-sewentig, agt-en-sewentig, nege-en-sewentig, tagtig, een-en-tagtig. Een-en-tagtig, steek jou hand op. Twee-en-tagtig, steek jou hand op, as jy kan. Drie-en-tagtig, vier-en-tagtig, vier-en-tagtig? Goed. Vyf-en-tagtig, ses-en-tagtig, sewe-en-tagtig, sewe-en-tagtig.

212 Kyk na jou buurman, dit mag iemand wees wat doof is, en nie kan hoor nie, kyk na jou buurman se kaartjie. Kyk in die rols-. . . Waar? Het julle dit? Goed. Sewe-en-tagtig, agt-en-tagtig, nege-en-tagtig, negentig, een-en-negentig, twee, drie, vier, vyf. Een,

twee, drie, vier, vyf. Ses-en-negentig, sewe-en-negentig, agt-en-negentig. Agt-en-negentig, agt-en-negentig. Het ek...? Ek het dit gemis. Agt-en-negentig, steek jou hand op, agt-en-negentig. [Leë kol op band—Red.]

213 ...'n gebedskaartjie. En jy is siek en jy wil hê God moet jou genees, steek jou hande op, steek julle hande op, waar ook al. Oral.

214 Nou, asseblief, moenie haastig wees nie. Net, bly net stil vir 'n paar minute. Jy sal—jy...dit sal...Wat kan enigsins meer noodsaaklik wees? As die wêreld stilgestaan het, as hulle 'n bom sou skep wat die res van die wêreld sou opblaas, wat—dit sou nie noodsaaklik wees nie. As jy 'n honderdmiljoen dollar sou ontvang, sou dit steeds nie noodsaaklik wees nie. Lewe ons God? Is ons geloof tevergeefs? Is Hy werklik, of is Hy nie werklik nie?

215 As ek gesê het vir...? As—as elkeen van daardie rolstoelmense wat daar sit...Ek dink die rede waarom hulle—hulle ingekom het, hulle ingekom het, hulle 'n gebed gaan kry. Ons gaan af om te bid vir al die rolstoele môre-aand, is dit? Of, wanneer is dit, môre-aand? ['n Broer sê: "Vrydagaand."—Red.] Vrydagaand gee hulle vir die rols-...Dit het nie...Julle het dit nie nodig nie, julle kan net nou genees word. Moenie wag tot Vrydagaand nie, ek daag julle uit in daardie rolstoele om hiernatoe te kyk, en glo dat ek God se profeet is, of, verskoon my, God se dienskneg. Asseblief, julle sien, daardie woord verstrooi, en steur mense, ek's nie 'n profeet nie, ek is net Sy dienskneg. Glo julle dit met julle hele hart.

216 Ek kan jou nie genees nie, nee, meneer, of niemand anders kan jou genees nie, dis jou eie geloof wat dit doen. Maar as julle sal besef dat dit dieselfde Jesus is. Toe Hy hier op aarde was, het Hy gesê: "Ek doen niks totdat die Vader My wys nie." Is dit reg, julle predikers? Johannes 5:19. Jesus, dink goed, het nooit een wonderwerk gedoen totdat God Hom gewys het, nie vir Hom gesê het nie, maar Hom gewys het deur 'n visioen nie, of die Bybel het iets verkeerd gesê, Jesus het 'n leuen vertel, so Hy kon dit nie doen nie, Hy's God.

217 Jesus het gesê in Johannes 5:19: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Kyk of dit nie in jou Bybel is nie, Koning James, of Moffatt, of enige vertaling wat jy wil neem, kyk of dit nie dieselfde ding is nie. Kry die oorspronklike Griekse Diaglott as jy wil, jy sal dieselfde ding vind. "Ek doen niks totdat die...Ek die Vader sien..." Ander woorde, Hy het opgetree in 'n drama.

218 Nou, terwyl ons hulle nou opgelyn kry, wil ek julle een ding vra. Kyk, daar was eenkeer 'n vrou in die Bybel waar sy geen gebedskaartjie gehad het nie, sal ons sê: maar sy het gesê: "Ek glo dat daardie Man die Seun van God is. So as ek net Sy kleed

kan aanraak, sal ek gesond gemaak word." Hoeveel weet dis die waarheid? En sy het Sy kleed aangeraak, is dit reg? Sy het weer uitgegaan in die gehoor, miskien het sy gaan sit, soos julle, miskien het sy opgestaan, ek weet nie.

219 Maar Jesus het gestop. En almal het hulle hande om Hom gesit, hulle arms, en wat sê: "Rabbi, ons is bly U is hier." "Kom, Rabbi, ons het baie dinge gehoor wat U in Galiléa gedoen het, ons wil U graag iets hier sien doen." "Hoe gaan dit met U, Rabbi? Kom, gaan huis toe vir middagete saam met my."

220 Maar daardie vroutjie het nader gesluip. Nou, fisies, kon Hy dit nie gevoel het nie, want daardie kleed hang los, en dit het 'n onderkleed. So, ek sou dit nie gevoel het as dit agter op my baadjiepunt hier was, soos ons noem nie. En wat van daardie groot, los kleed? Maar Hy het dit geestelik gevoel, kyk wat Hy gesê het, Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?"

221 En Petrus het so vies geraak, hy het gesê, hy het Jesus bestraf, die Bybel het gesê dat Petrus Jesus bestraf het, gesê: "Waarom sou U so-iets sê? Wel, U klink asof U 'n kranksinnige is. Wel, almal raak U aan, en waarom sou U so-iets sê?" het Hom bestraf.

222 Hy het gesê: "Ek merk dat Ek swak geword het." Dit reg? Nou, julle lees in die Koning James: "Deug het van My uitgegaan," wat krag is. "Ek sien dat Ek swak geword het."

223 Wel, as een visioen, een persoon die Seun van God laat swak word het, wat sou dit aan my doen, 'n sondaar gered deur Sy genade? Sien? Nou, wanneer Hy. . .Jy kan nie te veel verduur nie, julle weet dit, jy val net om. En toe Jesus gesê het: "Groter dinge as hierdie sal julle doen," kry julle die Griekse *Emphatiese Diaglott* en vind uit of dit nie reg is nie, "*Meer* as hierdie sal julle doen," in plaas van *groter*: "*meer*," kon niks groter doen nie, maar julle kon meer daarvan doen, want daar sou meer wees: "sal julle doen."

224 Nou, en Hy het rondgekyk oor die gehoor totdat Hy die vrou gevind het, en Hy het gesê, vir haar gesê dat sy 'n bloedvloeiing gehad het, en haar geloof haar gesond gemaak het. Is dit reg? Nou, hoeveel glo dat Hy vanaand steeds daardie selfde Christus is? Hoeveel weet dat die Nuwe Testament, die—die Boek van Hebreërs gesê het dat Hy net nou, op hierdie oomblik, ons Hoëpriester is, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Hoeveel weet dit? As Hy dieselfde Hoëpriester is, sou Hy op dieselfde manier optree. Hy is die Wynstok, ons is die lote, Hy kan niks doen nie, Hy wag vir ons om dit te doen, Hy het ons mede-erfgename gemaak, en ons is Sy medewerkers.

225 Nou, raak jy Hom aan met jou swakhede, jy sonder 'n gebedskaartjie, raak jy Hom aan, en as ek julle die waarheid vertel het, dan sal Hy terugpraat deur my, en dieselfde ding vir jou sê wat Hy daardie dag gesê het. Hoeveel sal Hom liefhê, en

Hom glo, en Hom aanbid, en sterf vir Hom, as Hy dit sou doen, vanaand, voor ons? Na ons. . . onderskeiding daarvan.

226 Hemelse Vader, dis so ver as wat enige mens kan gaan, die volgende is U s'n, Vader, U moet praat, want ek kan nie meer praat nie. Nou is dit by die konfrontasie: Is U Woord reg, of is Dit nie reg nie? En laat al hierdie mense in hierdie rolstoele, al hierdie mense met hartprobleme, al hierdie mense met TB, kanker, wat dit ook al mag wees, laat hulle, Vader, aanraak vanaand. Mag elke persoon hierbinne genees word. O Ewige God, ek bid vir elkeen van hulle.

227 Hoor my gebed, Vader, ek—ek net, met my hele hart, hoe ek net graag sou wou sien dat U elkeen genees, en, Vader, U het elkeen genees, ek bid dan vir hulle geloof, dat dit nie sal faal in hierdie uur nie, dat hulle sal weet dat daar nooit iets soos hierdie was sedert die dae van Christus Self nie, en U het belowe dit sou terug wees in hierdie laaste dae, en hier is dit. Skenk dit, Here. Ek maak staat op U, ek sê dit met vrymoedigheid, want ek glo dat U sal doen, vanaand, dieselfde as wat U altyd gedoen het. Ek vertrou myself toe aan U, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

228 Nou, laat dit goed bekend wees aan hierdie gehoor, dat ek nie aanspraak maak om ons Here Jesus Christus te wees nie. Hoeveel verstaan dit? Jesus is in die Hemel. Wanneer Hy kom, sal elke knie buig, en elke tong bely. Maar ek sê wel dat Sy Gees, die Heilige Gees hier is, en deur 'n Goddelike gawe van daardie Heilige Gees, toe ek 'n klein seuntjie was, net 'n paar maande oud, het ek my eerste visioen gesien, tienduisende van hulle het sedertdien gebeur, en nie een van hulle het ooit gefaal nie.

229 Ek praat met mense hier wat saam met my om die wêreld was. En steek julle hande op as ek ooit enigiets in die Naam van die Here gesê het, wat nie gebeur het nie. Enigiemand hier wat my ooit iets hoor noem het in *SO SPREEK DIE HERE* wat dit ooit nie reg was nie, steek julle hande op en kom vertel my daarvan. Sien? Dis waar. Dan is dit God, mense kan dit nie doen nie.

230 En onthou nou, julle mense in die rolstoele, almal van julle, of, julle sonder gebedskaartjies, dit is nie of jy hier is of nie, dat, ek wat jou aanraak, dit sal glad nie help nie, jy wat my aanraak sal niks help nie, maar as jy Hom sal aanraak, sal dit gebeur, want Hy het alreeds jou genesing gekoop. Laat ons julle dit saam hoor sê: "Hy het my alreeds genees. Here, help my ongeloof dat ek kan glo, en die Hoëpriester aanraak wat aangeraak kan word deur die gevoel van my swakhede." Nou, julle het dit, onthou nou.

231 Julle almal in daardie ry wat weet dat ek niks van julle af weet nie, steek julle hande op, almal wat in daardie gebedsry is, elkeen. Almal wat in die gehoor is wat weet ek ken julle nie, of enigiets van julle nie, steek julle hande op. Daar het julle dit. Nou, hier's die Bybel wat dit sê, hier's die Bybel wat dit belowe het, die Heilige Gees, en as dit werk, onthou julle, wat dit sal,

onthou julle, hierdie groot vreugde wat julle voel, hierdie Ding wat die Heilige Gees genoem word, dit is waar.

232 Nou, luister, aan julle Pinkstermense, het Paulus nie gesê nie: "As een van julle in tale praat en daar is geen uitlêer nie, sal die ongeleerde sê: 'Wel, julle is mal,' maar as daar 'n profeet onder julle is, wat sal profeteer en die verborgenhede van die hart openbaar, dan sal hulle neerval, en sê: 'Waarlik, sy God is met julle'"? Is dit reg? Wel, as julle glo in praat in tale, hoe kan julle dit ontken? Sien wat ek bedoel?

233 Nou, wie is die eerste een? Wie is die . . . is in die ry? Hierdie, is jy, jong kêrel? Sal jy hiernatoe kom? 'n Jong seun, dink daaraan. Nou, ek het nog nooit in my lewe daardie seun gesien nie, sover ek weet, is ons vreemdelinge vir mekaar. As dit reg is, steek jou hand op, meneer, op hierdie Bybel. Ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie, weet niks van hom af nie, maar hy staan hier vir iets. Miskien is hy siek, ek weet nie, ek het geen idee nie. As hy siek is, dan kan ek hom nie genees nie. Maar as ek net my hande op hom lê, sê: "Jy moet genees word, prys God, jy's genees, gaan glo dit," wel, dis alles reg, as hy dit sou glo, sou hy genees word, glo ek, as hy dit waarlik geglo het, nie skyngeloof nie, maar dit regtig geglo het. Glo julle dit nie? Seun sou genees word.

234 Miskien is dit finansiële probleme; miskien is hy, is dit huislike probleme, miskien is hy getroud, en het hy en sy vrou probleme; miskien het hy en sy meisie probleme; miskien is hy nie getroud nie. Ek weet nie waarvoor hy daar is nie, ek het geen idee nie, maar dit sal die God van die Hemel neem om dit te openbaar. Nou, as Hy dit doen, sal elke persoon hierbinne weet Dit sal een of ander Gees moet wees.

235 Die seun mag 'n student van hierdie skool hier wees, ek weet nie, as dit is, ek . . . en die Heilige Gees doen iets van hom, ek vertrou dat hy genoeg van 'n heer sal wees om hulle te gaan vertel. Sien? Dis reg. Ek hoop dit is.

236 [Broer Branham het probleme met die mikrofoon—Red.] Verskoon, o, um, hierdie ding soort van . . . Goed. Nou, wie ook al op die mikrofoon is, ek weet nie. Wanneer die visioene tref besef julle ek kyk iewers, en sien iets wat gebeur het, en, ver terug na iets anders, miskien jare terug, en alles.

237 Nou, ek gaan julle vra om baie eerbiedig te wees. Wanneer die Heilige Gees enigiets doen, dan wil julle Hom prys, dis wat julle moet doen, maar terwyl ons sit, laat ons nou eerbiedig en stil in die Shekinah inbeweeg, in die Teenwoordigheid van God, vir my en hierdie jong man hier wat nog nooit in ons lewe ontmoet het nie, wat hier staan. Aarde . . . Mense hier wat na die Ewigheid toe gaan om God te ontmoet, en antwoord op daardie Oordeelsdag. En ons kyk oor God se Heilige Bybel.

238 Jy's 'n man wat, miskien, sommige van hulle vir jou 'n gebedskaartjie gegee het, en dit was net vanaand wat jou

nommer geroep is, en dis al wat jy daarvan weet, ons staan hier. En as God aan my die geheim in jou hart sal openbaar en vir jou sê, en as Hy vir my sal sê om vir jou te sê waarvoor jy hier is, of wat verkeerd is met jou, of iets wat. . . wat jy weet ek weet niks van jou af nie, sal jy dit glo met jou hele hart, jongman?

239 Sou die hele gehoor glo met hulle hele hart? Vir my en hierdie jongman, wat hier staan, is twee mans, Ewigheid-bestemde mense, oor God se Bybel wat hier lê. Sien?

240 Nou, Here, dit hang van U af, ek kan net U Woord spreek. En U Woord is die Waarheid, en ek benader dit in die Bloed van die Here Jesus Christus, deur hierdie te bely wat aan my bedien is deur 'n Engel, wat nie kan faal nie, want dis God.

241 Nee, jy's nie van hierdie skool nie. Jy's nie eens van hierdie staat nie, jy's van buite die staat, jy het van Missouri af hiernatoe gekom. Reg. Jy's 'n prediker, 'n jong prediker. Jy's in verwarring oor wat van jou bediening, wat jy moet doen, wat op jou hart en gedagte was. Jy probeer selfs soek na 'n privaat onderhoud, met my, om uit te vind wat om te doen met jou bediening. Bly waar jy is, Hy maak gereed om jou te beweeg. Glo jy my?

242 Hier's nog 'n ding, jy het iemand op jou hart waarvoor jy bid. Dis 'n man, hy is sterwend aan kanker, en jy staan hier vir hom. Is daardie dinge waar? Hulle is. Glo jy nou, jy kry waarvoor jy vra? [Die broer sê: "Ja."—Red.] Gaan dan, God se vrede sy met jou.

243 Nou laat ons net ons hande opsteek. Pinkstermense, hoe kan julle stilbly, wanneer die einste God wat julle liefhet so direk en so waar is? Glo net. Beëdigde verklarings! Die Heilige Gees! Goed.

244 Ek ken jou nie, dame. Ek wil hê jy moet na my kyk oor die Bybel. Ek ken jou nie, ken ek? Ons is vreemdelinge vir mekaar, maar as Jesus Christus aan my sal openbaar, in jou hart, net soos Hy met die vrou by die put gepraat het, en aan my iets sou openbaar wat jy weet. . . As ek enigiets was, sou ek—ek nie geweet het nie, want jy weet ek ken jou nie, en jy ken my nie. Is daardie dinge waar?

245 Sê: "Wat doen jy, Broer Branham?" Dis die Woord van God *hier* binne wat skerper is as 'n tweesnydende swaard, 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart, Christus, die lewende Woord van God, wat Homself bekend maak in onfeilbare bewys. Glo jy dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg?

246 Ja, jy's siek. As God aan my sal *beskryf* waar jou siekte is, sal jy glo? Dis in jou niere, en in jou blaas. Dis reg, steek jou hand op. Een veroorsaak die ander, kom van jou niere af, 'n irritasie in die blaas. Jy het 'n hele rukkie daarteen geveg, dit gaan jou nou verlaat. Glo jy dit? Jy's nie van hier af nie. Jy's van 'n ander stad, maar jy's van Illinois, Urbana. Dis reg. U- . . . -b-a-n-a. Dis waar,

is dit nie? As ek vir jou sê wie jy is, sal dit jou help? Mev. Potts. Gaan en glo. Hê geloof.

247 Glo julle met julle hele hart? Dit behoort dit af te handel. Wees net eerbiedig, wees baie eerbiedig. Gee ons nog net omtrent vyf minute. Volgende persoon, asseblief.

248 Kom, kyk oor die Bybel. Die God van die Hemel ken ons albei, Hy weet waarom jy hier is, Hy weet waarom ek hier is, maar om jou te ken, weet ek nie. Ek het geen idee waarvoor jy hier is nie. Maar as die God van die Hemel aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, sal jy glo dat ek Sy profeet is? Dan, ek kon jou nie genees nie, jy weet dit, maar dit sal net jou geloof oplig vir genesing.

249 Wat sou dit aan julle mense doen daar in die rolstoele? Kyk net, glo net nou, julle uur is naby, as julle dit net nou sal glo.

250 Moet asseblief nie rondloop nie. Sien, elkeen van julle is 'n gees, ek het elkeen van julle geeste in kontak, soos 'n asem, die salwing van die Heilige Gees. Alles is sondig wanneer dit op jou kom, alles waarna jy kyk is sondig. En om ongehoorsaam te wees, dis wat Hy vir my gesê het: "As jy die mense sal kry om jou te glo, en dan opreg sal wees . . . " wanneer ek sê: "Wees stil, moenie rondbeweeg nie," en julle doen dit nie, wys dit julle glo nie. Sien? En dit weerkaats terug na my, die Heilige Gees, sê: "Los hulle, los hulle uit."

251 Maar ek roep dag en nag tot Hom: "Here, moet dit nog nie doen nie, laat ek weer probeer," want ek besef wat die Hemel is.

252 Het julle al ooit die klein getuienis gelees in *Christen Sakemanne*, die vertaling, of, visioen wat ek nou die aand gehad het? Ek wil hê elke persoon hierbinne moet een van daardie kry. As jy nie die geld het nie, neem dit in elk geval, ek sal daarvoor betaal. Het julle dit gelees? Dit pragtig? Hoe kon ek ooit iemand daardie Plek daar laat misloop?

253 Jy's senuweeagtig, komplikasies, baie dinge verkeerd met jou, maar daar's een belangrike ding wat jy op jou hart het, is vir iemand anders, dis 'n jonger persoon, dis 'n vrou, dis jou dogter. Sy's baie senuweeagtig, en sy het 'n operasie gehad, dis wat dit veroorsaak het.

254 Jy's nie, oorspronklik, van hier nie, jy's van Arkansas. Glo jy God kan vir my sê wie jy is? Sal dit jou help? Mev. Martin, gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond.

Hê geloof, moenie twyfel nie. Glo in die Here.

Nou, dit verswak my, Broer.

255 Asseblief, almal, asseblief, stil, sit stil, asseblief, asseblief, asseblief. Ek vra, asseblief, moenie opstaan nie, asseblief. Net, dit verlaat my, julle sien, en dan moet ek weer terugkom. Sien? Asseblief, wees net eerbiedig. Goed.

256 Ek veronderstel ons is vreemdelinge vir mekaar, is ons, meneer? [Die broer sê: "Ja, ons is."—Red.] Goed, meneer, ons is vreemdelinge. Die Here Jesus aan my kan openbaar wat jou probleem is, sal jy my glo? Ek haat dit om dit vir jou te vertel. Wil jy hê ek moet jou in elk geval vertel? ["Ja."] Jy's geskadu, kanker, jy's geskadu tot die dood. Jy het 'n paar gewoontes gehad wat jy moet opgee. Dis reg. Sal jy dit doen? ["Ja, meneer."] Laat ek vir jou iets wys. Ek het 'n ander gees voel inbeweeg, die duiwel. Jy probeer regkom met God. Om die waarheid te sê, jy is pas gedoop, en het reggemaak. Dis reg.

257 Daardie dame wat daar sit met leukemie, glo jy Jesus Christus maak jou gesond? As jy geloof het, sal Hy doen die... Aanvaar jy dit? Glo jy Hy sal genees en jou gesond maak? Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie? Sien, dis ook kanker, Suster. Jy hoef nie 'n gebedskaartjie te hê nie. Steek jou hand op na Christus, sê... Die dame wat daar sit met die rooi jassie wat oor haar bene lê. Daardie...

Sien julle nie almal daardie Lig wat oor die vrou hang nie?

258 Ek wil julle iets vra, wees eerlik met my. Toe ek kanker en dood gesê het, het iets vreemds met jou gebeur. Is dit reg? Jy het 'n snaakse gevoel gehad soos, wat oor jou gekom het. Sien? Is dit reg? As dit reg is, wuif jou hand sodat die mense daar sal sien. Sien? Sien, dis ook die dood, op die vrou. Dis leukemie, of dis wat die dokter gesê het, en hy's reg.

259 Nou, julle is albei onder die skaduwees van die dood, daardie donker streep wat van *hierdie* af kom. Wat is dit? Dis daardie duiwel hierbinne wat *kanker* genoem word. *Kanker* is 'n Griekse woord, of, 'n mediese woord, wat beteken "krap." Maar dis 'n duiwel, dis 'n moordenaar, 'n martelaar, dis op hierdie man, en in daardie vrou. En sien, hy het om hulp geroep om hierdie man te probeer kry om dit nie te glo nie, en die Heilige Gees het hom soontoe geklop, en geloof op die vrou gegooi. Sy het Iets aangeraak. Sien, daardie duiwel het gedink hy kan daarmee wegkom. Sal julle albei aan Jesus Christus glo, en Hom aanvaar as julle Geneser? Steek julle hande op. Dan in die Naam van Jesus Christus, veroordeel ek daardie duiwel om julle albei te verlaat, en te gaan. Gaan, en word gesond. Gaan, en word gesond.

260 As daar enigiemand hier is wat 'n skeptikus is, behoort jy jou te skaam! Jy is in 'n slegter toestand as wat hulle was.

Aangename kennis?

261 Is daar geen plekaanwyser daar, wat daardie gebedskaartjies opneem nie? Die mense gaan verby met die, met hulle gebedskaartjies in hulle hande. Nou, as julle net 'n oomblik of twee langer sal wag. Eerlikwaar, ons—ons sal—ons—ons sal ophou. Ek... Sien, wanneer julle beweeg, opstaan en rondbeweeg, verbreek dit net die kontak van die Gees.

262 Sien, Dis in die gehoor. Daardie man wat net daar sit met artritis, glo jy dat God jou sal gesond maak? Goed, meneer. Jy het gebid, het jy nie, meneer? Kyk hoe ver is hy van my af. Goed, glo met jou hele hart, en die artritis sal jou verlaat.

263 Die man wat hier reg agter sit, twee of drie agter hom daar, het prostaatprobleme. Meneer, jy het gebid, en Iets het jou getref, toe ek artritis vir daardie man gesê het, het Iets jou getref. As dit reg is, steek jou hand op, man soort van bleskop, wat bril dra. Dis presies reg. Glo jy dat ek Sy profeet is? Dan verklaar ek jou genees, in die Naam van Jesus Christus.

264 Die man reg agter hom het baie geloof gekry net toe. Dis reg. Ek ken jou nie, meneer, maar jy ly aan senuweeagtigheid en komplikasies. As dit reg is, steek jou hand op. Ontvang jou genesing; Jesus Christus maak jou gesond.

Hê geloof, moenie twyfel nie.

265 Senuweeagtig, bloedarmoede, hoë bloeddruk. Dis reg. Is dit reg, dame? Steek jou hand op. Aanvaar jy jou genesing? Goed, in die Naam van Jesus Christus, jou . . .

266 Waarvoor het jy jou hand opgesteek daaragter, die vrou? Glo jy dat ek God se profeet is? Glo jy God kan vir my sê wat jou probleem is? Met jou hele hart, sal jy dit aanvaar? Jy het ’n dame se vroulike probleem, en ekseem. As dit reg is, staan op jou voete. Gaan dan huis toe en word genees, in die Naam van Jesus Christus.

267 Kan julle nie sien dis die Here Jesus nie? Ek daag enige van julle uit om dit te glo. Daardie mense daarbuite, geen gebedskaartjies, of niks anders nie, net geglo.

268 Glo jy dat ek Sy profeet is? As God aan my die dinge in jou hart sal openbaar . . . Jy sien, dit het my net omtrent gekry, so ek kan nie veel langer hier bly nie.

269 Moenie, asseblief!

270 Kyk na my, soos ek gesê het, soos Petrus en Johannes deur die *Skone* poort gegaan, gesê het: “Kyk na ons.” Jy ly aan jou oë, jy wil voor gebid word. Natuurlik sê jy, jy het ’n bril op, nie net dit nie, maar jy ly aan jou ore, jy het probleme bo in jou neus wat jy nie kan sien nie. As dit reg is, steek jou hande op. Dis waar. Hulle weet nie wat dit is nie, maar dis eintlik ’n swam, jou neus daarbo verstop. Dis reg. En nog ’n ding, jy het borsprobleme. Dis reg.

271 Jy’s nie van hierdie stad nie, jy’s nie van hierdie streek nie, jy’s van Michigan. Dis reg. Jou naam is Mev. Swanson. Nou, gaan huis toe en word genees, in die Naam van Jesus Christus.

272 Glo julle, elkeen van julle? Lê dan julle hande oorkant op mekaar. (Ek kan net nie langer op die verhoog bly nie, dit slaan my uit . . . ? . . . ) Sit julle hande op mekaar, waar julle ook al is. (Ons sal stop.) Sit julle hande op mekaar. In die Teenwoordigheid van die Heilige Gees . . .

273 Ek kan net nie langer uithou nie, natuurlik het almal van julle al wit geword daarbuite, net soos, dis net 'n Lig oor elkeen van julle. As ek genade in julle oë gevind het, as julle my glo, julle in die gebedsry hier, waar julle ook al is, as julle glo met julle hele hart, en ek genade in julle oë gevind het. . . Die Heilige Gees is so dig hierbinne vanaand, dat daar soos 'n Lig oral is, ek kan nie meer mense daarbuite sien nie, dit lyk asof dit *so* gesalf is.

274 Die enigste ding wat jou kan keer om genees te word, dis jou ongeloof. Julle in die rolstoele, waar julle ook al is, die Heilige Gees het die hele plek verlig met Sy krag. Waarom aanvaar julle dit nie? Staan op!

275 Satan, ek bestraf jou, duiwel, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God. Kom uit hierdie gehoor uit, en verlaat hulle!

61-0412 Meer As Salomo Is Hier
Illinois Wesleyaanse Universiteit
Bloomington, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org